

Jaarverslag

2025

Junie 2026

Inhoud

03

Medihelp in 2025

08

Deernis in aksie

12

Boodskap deur die
Voorsitter van die Raad
van Trustees

16

Oorsig van die
Hoofbeampte

22

Verslag van die Raad
van Trustees*

36

Verantwoordelikheds-
verklaring van die
Raad van Trustees*

38

Verklaring oor
korporatiewe bestuur
deur die Raad
van Trustees*

40

Staat van die finansiële posisie
soos op 31 Desember 2025*

41

Staat van wins en verlies en
ander omvattende inkomste
vir die jaar geëindig
31 Desember 2025*

42

Staat van veranderings in
reserwes vir die jaar geëindig
31 Desember 2025*

42

Kontantvloeiastaat vir
die jaar geëindig
31 Desember 2025*

43

Trusteevergoeding*

44

Sorg deur die geslagte

* Verwysings na notas en bladsye in uittreksels uit die Finansiële State hou verband met notas en bladsye in die geouditeerde Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2025. Die volledige stel Engelse geouditeerde Finansiële State is by die Skema se kantoor beskikbaar vir inspeksie.

Medihelp in 2025

Ons erfenis van sorg

Ons baan die weg as Suid-Afrika se
oudste oop mediese skema

Gesinne vertrou ons

Gemiddelde ouderdom van
nuwe aansluiters:

27,9 jaar



Grootte van nuwe
aansluiters se gesinne:

2,4



Gesinne kies Medihelp, want ouers neem
nie haastige besluite oor hul kinders
se toekoms nie – hulle kies 'n
gesondheidsvennoot wat hulle kan **vertrou**.

Die Medihelp-voetspoor



Oudste lid:

**105 jaar
jonk**



A+

Global Credit Ratings



89 836

hooflede



193 744

beoordeeltes

Gemiddelde ouderdom van
beoordeeltes:

39 jaar

Topplanne vir nuwe lede



 **MedVital**
Elect



 **MedAdd**
Elect



 **MedMove!**

Finansiële standvastigheid, waarde vir lede

Gedissiplineerde bestuur wat jou sak beskerm



Surplus voor ander
omvattende inkomste:

R282,3 miljoen

(gestyg van R30,7 miljoen in 2024)



Totale eiseverhouding:


91,2%

(verbeter met 2,8 persentasiepunte)



Solvensieverhouding:

27,01%



Gesondheidsorgbesteding
per bevoordeelde:

R2 285

Sorg wat saak maak

Van 'n veiligheidsnet tot 'n vertroude
gesondheidsgenoot

Verpersoonlikte kliniese impak



Hospitaalsorgprogram
Heropnames ná
hospitalisasie verminder

met 25%

46 129

lede met chroniese
siektetoestande word
ondersteun deur ons
Siektebestuursprogram



"Julle het werklik 'n verskil gemaak deur my ná my ontslag uit
die hospitaal te skakel en op te volg." – Lid*

"Die sorgsame oproepe is so gaaf. Dit beteken baie. Dit is wat ek
'n **Mediese Fonds in Aksie** noem." – Lid*

Voorkomende sorg

10 606

griepinTINGS befonds



R6 996 489

in uitgebreidesorgvoordele
aan lede wat proaktief na hul
gesondheid omsien



Medisyneondersteuning



Totale medisyne-items voorsien

3 770 917

Diensuitnemendheid



Meer as

3,2 miljoen

eise verwerk



Gemiddelde antwoordtyd: **23 sekondes**

94,25%

van navrae met die
eerste oproep opgelos

1ste plek CE Index™
se kategorie vir
Kliëntedienskontaksentrum
in die Mediese fondsbetreef

Algehele plek in die betreef:

2de plek

Mediese fondsbetreef:

3de plek

Digitale kanaal:

3de plek



"Ek is sedert 1988 'n lid van Medihelp
en kan net dankbaarheid getuig vir
die baie jare se uitstekende diens. Die
personeel was altyd daar om my te
help om voordele te hê wat by my
behoeftes pas. Dankie, Medihelp, dat
julle my gesondheidsorgdekking 'n
rustige en goed ingeligte
ervaring maak." – Lid*

Belangegroepbetrokkenheid

1 175 588


unieke webwerfbesoekers



3,44%

algehele groei in
sosialemediagehoor

63 830

totale volgers op
sosialemediaplatforms24,89%
groei53 572
volgers

R20 362 198

mediablootstelling verdien deur geloofwaardigheid, nie betaalde advertensies nie

E-posbetrokkenheid
oortref
bedryfsmaatstawwe

Nuusbrief vir lede:

49,15%
leeskoers

vs

bedryfsgemiddeld van

32,8%



E-posse gestuur

Totale belanghebbers:

1 525 778

73% 
van lede is mal oor
Floreer!

Digitale gebruik



Die Member Zone en Medihelp-app

90,15%

van lede het geregistreer

90,81%

digitale
tevredenheidstelling

39 106

aktiewe gebruikers van
die Medihelp-app

395 000

keer na elektroniese
brosjures gekyk

"Werklik 'n gebruikersvriendelike webwerf. Dis so gerieflik dat ek onmiddellik met 'n konsultant kan gesels terwyl ek my dokument voor my het." – Lid*



Adviser Zone

3 461
gebruikers43,5%
benutting

"Die Adviser Zone en webwerf is van die beste in die bedryf. Ons leer kliënte om die Medihelp-app te gebruik, maar ons is steeds elke dag hier wanneer hulle ons die meeste nodig het."

– Martin Loots, adviseur by LMR Projects



Healthcare Professionals Zone

33 327
(96,25%) eisende
praktyke geregistreer

Verskafferstevredenheidstelling:

96,56%



Corporate Zone

1 486
geregistreeerde
gebruikers975
groepe word nou digitaal bestuur
(60,89% groei)

"Verreweg die gebruikersvriendelikste.
Baie dankie – **Praktyk***

Deernis in aksie

Want niemand behoort alleen op hul reis te voel nie

Medihelp se verantwoordelikheid strek verder as blote gesondheidsorgdekking. Ons Korporatiewe Sosiale Investeringsweerspieël ons kernwaardes – **uitnemendheid, deernis, deursigtigheid en samewerking** – wat uitgebeeld word deur vennootskappe wat gesondheid, opvoeding en menswaardigheid in onderbediende gemeenskappe verbeter.



Toegang tot gesondheidsorg – ons bring sorg nader

Vir die eerste keer was Medihelp 'n eksterne ondersteuner van die Phelophepa Healthcare Train – die Trein van Hoop. Dit bring noodsaaklike mediese, tandheelkundige en oogkundige sorg na pasiënte in onderbediende gemeenskappe oor die hele Suid-Afrika. Dié gemeenskappe het andersins min of geen toegang tot hierdie dienste nie.

- Ondersteuning van die wêreld se eerste primêregesondheidsorgtrein om afgeleë, landelike gemeenskappe te bereik
- 70 gemeenskappe en ongeveer 375 000 pasiënte regoor Suid-Afrika per jaar

Ons koester die volgende geslag

Deur die **MyWalk-inisiatief**, wat in vennootskap met Netcare en Adcock Ingram Critical Care ontwikkel is, het ons gehelp om skoolskoene (gemaak van opgesikcleerde mediese PVC-afval) aan leerders regoor vier provinsies te versprei: die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Noord-Kaap en Gauteng.

3 429 pare skoolskoene versprei aan leerders regoor vier provinsies

"Hierdie is my Aspoestertjie-skoene. Hulle pas net vir my."
-Ontvanger van skoolskoene*



Ons het ons ondersteuning van die **Bekezela-crèche** in die Newtown-herwinnergemeenskap in Johannesburg voortgesit met maandelikse toelaes vir vier vrywillige versorgers en die verskaffing van kombuistoerusting sodat die kinders elke dag voedsame etes kan geniet.

Op Mandeladag het ons kleur en kreatiwiteit na die crèche gebring deur elk van die 35 kinders hul eie paar tekkies te gee om met blinkertjies en verf te versier – 'n klein daad van goedhartigheid wat groot blydskap ontlok het.



Ons het ook vervoer geborg vir die Transoranje Skool vir Dowes se gebaretaalkoor, **Hands of Harmony**. Ses personeellede en 16 leerders kon meer as 2 000 km aflê om saam met die bekende orrelis prof Theo van Wyk van die Universiteit van Pretoria op te tree. Vir baie van hierdie leerders was dit 'n unieke geleentheid. Dit was ook 'n belangrike oomblik vir die bewusmaking van Dowe Kultuur en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.



Deur ons ondersteuning van die **High 5**-inisiatief het ons laerskoolleerders gehelp om op 'n jong ouderdom van hul emosies bewus te word. Te midde van 'n geestesgesondheidsepidemie het ons hulle praktiese maniere geleer om spanning te hanteer, selfvertroue te bou en hul algehele welstand te ondersteun.

Ons belê in die toekoms

Medihelp het die **Reach for a Dream**-stigting se jaarlikse gholfdag ondersteun en sodoende bygedra tot fondsinsameling wat kinders met kritieke siektes help om hul drome te verwesenlik en oomblikke van pure vreugde te ervaar.



Ons het ook ons vennootskap met die **South African Hall of Fame** verdiep deur beurse te ondersteun wat talentvolle leerders uit minderbevoorregte agtergronde toegang gee tot onderwys- en sportafrigtinggeleenthede wat hulle andersins nooit sou gehad het nie. Lede van ons uitvoerende en bestuurspan – Shannon Gunkel, Ritesh Ramdeen, Sandra Minne en Varsha Vala – het aan die **CEO Cycle Challenge** deelgeneem as deel van hierdie vennootskap en daarmee gewys dat ons verbintenis tot gemeenskap van bo af begin.

"Hulle het my die geleentheid gegee om by hierdie wonderlike skool te wees, en ek is werklik dankbaar daarvoor." – Beursontvanger*

"Waarvan ek persoonlik van die inisiatief hou, is dat dit nie oor fiksheid of spoed gaan nie. Dit gaan bloot oor opdaag, betrokke raak en saam iets goeds doen."

– Varsha Vala, Medihelp Hoofbeampte



Ons ondersteun hergebruik met 'n doel

Deur ons vennootskap met die **Imbali Visual Literacy Project** het Medihelp 'n gesubsidieerde ambagsopleidingsprogram ondersteun wat deelnemers met beide produksie- en ondernemingsvaardighede toerus. Ons bydrae het verder gegaan as 'n finansiële skenking: ou Medihelp-handelsmerkgoedere is opgesiklee om meer as 50 handgemaakte promosieitems te skep – 'n betekenisvolle tweede lewe vir ons ou goedere.





Ons gee om vir ons gemeenskap

Ons werknemers het regdeur die jaar 'n aktiewe rol in gemeenskapsondersteuning gespeel. Onder meer is aan **Wollies-diereskuiling** oor die feestyd geskenk en inwoners van **Lofdal Aftreeoord** is op Mandeladag besoek, waar sop bedien en handgebreide items geskenk is.



Hierdie inisiatiewe herinner ons daaraan dat korporatiewe sosiale verantwoordelikheid nie oor verpligting gaan nie. Dit gaan oor toewyding en die oortuiging dat, as ons ander ophef, ons ook bemoedig word.





Boodskap deur die Voorsitter van die Raad van Trusteese

Chris Klopper

Ná meer as 120 jaar se diens aan Suid-Afrikaners, is Medihelp steeds ingestel op sy doelwit: om te verseker dat niemand alleen op die pad na gesondheid stap nie. Ons wil werklik ons lede ondersteun, behoorlik na hulle omsien en mediese fonds iets maak wat hulle kan vertrou. Want almal verdien dit om veilig te voel en om ondersteun en gewaardeer te word.

Die jaar onder beskouing weerspieël hoe toegewy ons aan hierdie doelstelling is. Ondanks voortgesette druk in die gesondheidsorgomgewing, het Medihelp goed op bedryfs- en finansiële gebied presteer terwyl die organisasie aanpas by die veranderende behoeftes van lede en die groter gesondheidsorglandskap.

Gelei deur verantwoordelike bestuur en 'n langtermynperspektief, is die Raad van Trusteese steeds verbind tot die beskerming van lede se belange terwyl ons die Skema posisioneer om die ingewikkelde gesondheidsorgomgewing te bevaar.

Rentmeesterskap en bestuur

Die Raad van Trusteese bly ingestel op verantwoordelike bestuur en strategiese oorsig om te verseker dat Medihelp steeds handel in die beste belang van sy lede. In 2025 het die Raad nou met bestuur saamgewerk om die Skema te lei deur 'n dinamiese gesondheidsorg- en regulatoriese omgewing onderwyl streng finansiële en bedryfsdisipline gehandhaaf is.

Ons rol is meer as net prestasie te oorsien – dis ook verseker dat die Skema veerkragtig en gereed is vir die ewigveranderende behoeftes van lede en die ontwikkelings in die gesondheidsorgbedryf. Ons benader hierdie verantwoordelikheid met deursigtigheid en 'n opregte verbintenis tot deeglike bestuur en waarde vir lede.

"Medihelp is 'n deursigtige mediese fonds en die kommunikasie met hul lede is op standaard. As daar navrae is, is die omkeertyd vir 'n antwoord

uitstekend. Ek sal Medihelp aan enigiemand aanbeveel wat 'n goeie mediese fonds soek."

– Lid*

Versterking van finansiële volhoubaarheid

Die Skema het bemoedigende finansiële resultate in die jaar getoon, wat die gedissiplineerde bestuur en voortgesette fokus op bedryfsdoeltreffendheid weerspieël.

Medihelp het 'n netto wins van R282,3 miljoen getoon voor ander omvattende inkomste. Dit is 'n beduidende verbetering vergeleke met 2024 en veel beter as begroot. Die prestasie is ondersteun deur 'n gunstige eise-ervaring, doeltreffende kostebestuur en die realisasie van langtermynbeleggingswinste.

Die Skema se solvensieverhouding het teen Desember 2025 tot 27,01% verstewig vergeleke met 20,99% in 2024. Dit het dus die wetlike vereiste van 25% gemaklik oorskry.

Die Skema se solvensieverhouding het teen Desember 2025 tot 27,01% verstewig.

Die totale eiseverhouding het tot 91,2% verbeter vergeleke met 95% in 2024. Hierdie resultate is 'n uitbeelding van Medihelp se volgehoue verbintenis tot verantwoordelike bestuur van gesondheidsorgbesteding terwyl toegang tot gehaltesorg vir lede volgehou word.



Gesamentlik versterk dit die Raad se vertroue in Medihelp se vermoë om 'n gesondheidsorgomgewing wat byna daaglik meer ingewikkeld word te bevaar terwyl die volhoubaarheid van die Skema oor die lang termyn beskerm word.

Steun vir 'n gebalanseerde lidmaatskapprofiel

Die handhawing van 'n gebalanseerde en volhoubare lidmaatskapprofiel is steeds 'n uiters belangrike strategiese prioriteit vir die Skema. Gedurende die jaar het Medihelp nuwe lede gelok terwyl dit sterk, lojale verhoudings met bestaande lede behou het.

Die gemiddelde ouderdom van bevoordeeldes in die Skema het in 2025 tot 39 jaar gestyg, terwyl die pensioenarisverhouding 16,5% was. Dié volwasse en uiteenlopende lidmaatskapprofiel weerspieël Medihelp se langdurige lojaliteit onder lede en herbevestig die belangrikheid van verstandige risikobestuur, volhoubare voordele-ontwerp en deurlopende pogings om jonger lede te lok.

Die Skema ondersteun terselfdertyd lede deur alle lewensfasies met voordele en programme wat ontwerp is om voorkomende en gekoördineerde sorg en beter gesondheidsuitkomst te bevorder. Hierdie toewyding aan sorg is 'n teken van die deernis waarmee ons alles doen en verseker dat Medihelp tersaaklik bly vir bestaande lede en die nuwe geslag van voornemende lede.

Strategiese vennootskappe en groei

Medihelp smee voortdurend bande met nuwe vennote sodat ons meer waarde aan lede kan bied terwyl ons toegang tot volhoubare gesondheidsoplossings uitbrei. Gedurende die jaar het die Skema sy samewerkingsooreenkoms met Old Mutual Corporate versterk en só werknemers in staat gestel om 'n meer geïntegreerde oplossing vir werknemervoordele te bied wat gesondheidsorg, finansiële beskerming en welstandsteun kombineer.

Hierdie medeskepping van geïntegreerde oplossings weerspieël 'n groter beweging na meer holistiese werknemervoordele wat die onderlinge verbintenis van gesondheid, geldelike welstand en produktiwiteit in die werkplek herken.

Lidmaatskap onder werkgewergroepe dra by tot die bestendigheid van die Skema se risikopoel. Vennootskappe van dié aard ondersteun dus Medihelp se strategiese fokus om groter teenwoordigheid te vestig in die korporatiewe en werkgewergroepmark op 'n gestruktureerde en volhoubare manier.

Medihelp diversifiseer ook sy aanbieding deur middel van inisiatiewe soos Omnihelp, wat die Skema se tersaaklikheid oor die lang termyn verder ondersteun.



Bevaring van die gesondheidsorglandskap

Die gesondheidsorgbedryf in Suid-Afrika ondergaan voortdurend beduidende beleids- en regulatoriese ontwikkelinge, waaronder voortgesette besprekings oor die inwerkingstelling van Nasionale Gesondheidsversekering (NHI).

Hoewel die tydsberekening en struktuur van die inwerkingstelling van die NHI onseker is, hou die Raad deurgaans verwikkelinge stip dop om te verseker dat Medihelp reg geïntegreer is om te reageer in die beste belang van lede soos die beleidslandskap verander. Die beskerming van lede se toegang tot gehaltegesondheidsorg en die versekering van die voortbestaan van die Skema bly die Raad se rigtinggewende prioriteite tydens hierdie tydperk van beleidsontwikkeling en hervorming.

'n Toekomstgerigte benadering tot gesondheidsorg

Gesondheidsorg is wêreldwyd besig om reuse gedaanteverwisselings te ondergaan met vooruitgang op die gebied van tegnologie, data-ontleding en verpersoonlikte sorg wat die manier waarop gesondheidsorgdienste gelewer word, omvorm.

Mediese skemas beweeg al hoe meer weg van tradisionele reaktiewe modelle na proaktiewe benaderings wat fokus op voorkoming, vroeë opsporing en gekoördineerde sorg. Medihelp ondersoek deurgaans geleenthede om data-insigte, digitale platforms en innoverende intervensies in gesondheidsorg te gebruik om gesondheidsorguitkomst te verbeter terwyl ons bekostigbaarheid oor die lang termyn vir ons lede ondersteun.

Die Raad ondersteun inisiatiewe wat vroeër intervensies, groter lidbetrokkenheid en meer verpersoonlikte gesondheidsorgroetes bewerkstellig. Dit speel alles 'n belangrike rol in die toekoms van die lewering van gesondheidsorgdienste.

Die pad vorentoe

Die vordering wat in 2025 gemaak is, lê 'n stewige grondslag vir die jare wat kom. Medihelp se bedryfsprestasie was sterk, finansiële bestuur verantwoordelik, en die Skema is verbind tot die lewering van betekenisvolle waarde vir sy lede.

Vorentoe bly die Raad gefokus op die versterking van die Skema se volhoubaarheid, beter lidervarings, en die ondersteuning van gesondheidsorgoplossings wat uitkomst vir al ons lede verbeter.

Namens die Raad van Trusteë wil ek graag ons lede vir hul voortgesette vertroue bedank, asook die Skema se bestuurspan, werknemers, vennote in gesondheidsorg en adviseurs vir hul toewyding en professionaliteit.

Saam is ons toegewyd om toe te sien dat Medihelp sy lede met integriteit, omgee, vertroue, veerkragtigheid en innoverende idees vir nog baie jare dien.

Chris Kloppe
Voorsitter van die Raad



Oorsig van die Hoofbeampte

2025 het die stille krag en veerkragtigheid van Medihelp weerspieël. In 'n veeleisende en ontwikkelende gesondheidsorgomgewing, was ons deurlopend gefokus en gedissiplineerd, gelei deur ons onderneming om waarde en sorg te lewer aan die lede wat ons bedien.

Terwyl ons bou aan meer as 'n eeu van steun aan Suid-Afrikaners, bly ons gegrond in een eenvoudige dog belangrik doel: om te verseker dat ons lede finansiering het vir toegang tot gehaltegesondheidsorg wanneer hulle dit nodig het. Terselfdertyd maak ons seker dat ons die volhoubaarheid van die Skema en al sy lede oor die lang termyn verseker.

Die landskap om ons verander voortdurend. Gesondheidsorgkoste styg, gebruikspatrone verander en lede is meer ingelig en meer oordeelkundig as ooit tevore. Baie huishoudings ervaar ook die druk van mediese inflasie op 'n tasbare manier. In hierdie konteks speel ons 'n groter rol as net die finansiering van mediese sorg. Dit gaan daaroor om lede gerus te stel, duidelikheid te gee en hulle te ondersteun in die oomblikke wat dit die meeste saak maak – en om dit te doen op 'n manier wat ons waardes van uitmuntendheid, deernis, samewerking en deursigtigheid weerspieël.

Medihelp is verbind tot die balansering van sorg, vertroue en innovasie om 'n toekoms te skep waar toegang tot finansiering vir gesondheidsorg eenvoudig en inklusief is en werklik waarde vir ons lede bied.

Bewese finansiële volhoubaarheid in 'n veeleisende omgewing

Teen dié agtergrond het Medihelp in 2025 finansiële sterk presteer. Dit is 'n teken van omsigtige rentmeesterskap, 'n konsekwente instelling op volhoubaarheid oor die lang termyn en die beskerming van die belange van al ons lede.

Die Skema het 'n surplus voor ander omvattende inkomste van R282,3 miljoen gerapporteer, wat ondersteun is deur 'n beter eise-ervaring en gedissiplineerde kostebestuur. Dit is veral opmerklik dat ons solvensieverhouding tot 27,01% versterk het vergeleke met 20,99% in 2024. Die Skema is dus nou in die posisie waar dit aan die wetlike vereiste voldoen. Die posisie is bereik onderwyl ons steeds die behoeftes van lede voorop stel.

27,01% solvensieverhouding

Finansiële volhoubaarheid is nie die enigste maatstaf nie. Dit is wat ons in staat stel om ons waardes uit te leef: om die Skema met uitmuntendheid te bestuur, ons lede met deernis te behandel, met vennote saam te werk, en om besluite deursigtig te neem.

Hoewel hierdie maatstawwe belangrik is, verteenwoordig hulle iets baie meer persoonlik. Hulle weerspieël regte lewens en werklike oomblikke waar mense op ons staatmaak. Dit is veral waar as dit by die verhoging van ledegeld kom. Die besluit om ledegeld in 2025 met 10,8% te laat styg is nie ligtelik geneem nie. Dit was noodsaak in reaksie op deurlopende koste- en gebruiksdruk. Dit is egter bemoedigend dat danksy daadwerklike risikobestuur en intervensies in bestuurde sorg ons die vereiste styging kon verminder en 'n meer gematigde uitkyk vir 2026 ondersteun.

Netto wins voor ander omvattende inkomste van R282,3 miljoen
Verlaging van die totale eiseverhouding tot 91,2% (94% in 2024)

'n Bestendige en volhoubare ledebasis

'n Sterk finansiële posisie moet ondersteun word deur 'n gebalanseerde en volhoubare ledebasis – en dit bly een van Medihelp

se grootste sterkpunte.

Die gemiddelde ouderdom van begunstigdes is 39 jaar, terwyl nuwe lede steeds teen 'n heelwat jonger gemiddelde ouderdom van 27,9 jaar by ons aansluit.

Meer as 193 000 bevoordeeldes

Wat veral bemoedigend is, is die groter aantal gesinne wat Medihelp kies. Gesondheidsorgbesluite vir gesinne word met sorg gemaak en hierdie tendens dui op 'n dieper vlak van vertroue – die wete dat ons daar vir hulle sal wees nie net wanneer hulle ons nodig het nie maar ook tydens elke lewensfase.

*"Ek is al 30 jaar lank 'n lid van Medihelp en hulle het my nog nooit in die steek gelaat nie. Die beskikbare planne maak uitstekend voorsiening: van wanneer jy jonger met 'n gesin is totdat jy 'n bietjie ouer word en die uitdagings van ouderdom in die gesig staar." – 'n Lojale Medihelp-lid**

Korporatiewe lidmaatskap weerspieël die vertroue wat werknemergroepe in ons as 'n gesondheidsorgvennoot plaas. Hierdie verhoudings stel ons in staat om werkende Suid-Afrikaners regdeur hul gesondheidsorgreis te ondersteun terwyl ons werkgewers voorsien van 'n betroubare en volhoubare oplossing vir hul werknemers.

Beter waarde vir lede

Om ons lede te verstaan – wie hulle is en hoe hulle behoeftes verander – bepaal hoe ons ons produkte ontwerp en verfyn.

Beter voordele en produkveranderinge

In 2025 het ons 'n aantal gefokusde verbeteringe aangebring om te verseker dat ons voordele tersaaklik, toeganklik en ondersteunend bly. MedElect (nou MedReach) is verfyn om beter by die behoeftes van korporatiewe kliënte te pas met meer omvattende dekking teen 'n mededingende premie. Terselfdertyd het ons die maksimumouderdom van

kinderafhanklikes van 21 tot 26 jaar opgestoot in reaksie op die werklikhede dat baie jong volwassenes finansiële afhanklik is terwyl hulle studeer.

Ons dag-tot-dag-voordele is uitgebrei om gesinne meer te ondersteun. Op MedSaver is dekking vir noodsaaklike gesondheidsorgdienste, waaronder huisdokterbesoeke, spesialisbesoeke en akute medisyne, tot R2 500 per gesin verhoog en na die hele huishouding uitgebrei.

Verhoging van 100%+ in voordelewaarde

Daarbenewens het Medihelp 'n inisiatief bekendgestel om lidmaatskap van 'n mediese fonds meer bekostigbaar te maak vir jong volwassenes wat begin studeer en sodoende jonger lede aan te trek wat die Skema se lidmaatskapprofiel oor die lang termyn verbeter. Met MedMove! Student kry studente toegang tot dekking vir private gesondheidsorg vir so min as R750 per maand.

Uitbreiding van verpersoonlikte gesondheidsorg

Terwyl gesondheidsorg deurlopend verander, verander ons rol ook. Ons word meer as net 'n veiligheidsnet; ons word 'n betroubare metgesel vir elke stap van ons lede se gesondheidsorgreis. Dié skuif is geanker in deernis – nie as 'n abstrakte waarde nie, maar as iets wat ons ervaar in die manier waarop ons daagliks lede ondersteun.

Deernis is meer as 'n waarde by Medihelp; dit is deel van alles wat ons doen.

Die Ouerskapreis, ontwikkel in samewerking met Parent Sense, bied verpersoonlikte leiding vir nuwe en voornemende ouers in 'n tyd wat opwindend én oorweldigend kan wees. Ons Geestesgesondheidsprogram is ook uitgebrei en lede het toegang gekry tot maatskaplike werkers vir ondersteuning met depressie en ander uitdagings – beide binne en buite die hospitaal.

Ons Hospitaalsorgprogram is steeds uiters waardevol. Met toegewyde sorgafrigters wat lede tydens hul hersteltyd ondersteun, het ons voorkombare heropnames in die hospitaal met meer as 25% verminder en gehelp om meer as 24 800 produksie-ure aan lede en hul gesinne terug te gee.

"Julle is uitstekend! Ek is so dankbaar dat iemand omgee en belangstel in hoe dit met my gaan."

*'n Lid van ons Hospitaalsorgprogram**

Hierdie uitkomst toon duidelik wat moontlik is wanneer sorg

meer gekoördineerd, meer persoonlik en meer menslik is.

Innovasie met menslikheid

Innovasie bly 'n belangrike deel van hoe ons uitkomst vir ons lede verbeter maar altyd op praktiese waarde ingestel bly.

In 2025 het ons aangehou om kunsmatige intelligensie en voorspellende ontledings in ons gevallebestuurprosesse in te bring, wat ons in staat stel om risiko's vroeër te identifiseer en ons lede meer proaktief rigting te gee. Terselfdertyd maak afstandsondersteuning en virtuele konsultasies gesondheidsorg meer toeganklik en gerieflik.

Medihelp verwag dat dubbel soveel lede digitale moniteringstoestelle in 2026 gaan gebruik, wat intydse, verpersoonlikte gesondheidsteun moontlik maak.

Hierdie ontwikkelings is nie net ter wille van die gebruik van tegnologie nie. Dit gaan oor beter besluitneming, beter gesondheidsuitkomst en om gesondheidsorg beter aan lede se behoeftes te laat voldoen en meer betrokke te laat voel.



Strategiese samewerking en uitgebreide gesondheidsorgoplossings

Samewerking bly die middelpunt van hoe ons ons waarde-aanbieding versterk en ons impak groter maak.

In die jaar het ons ons vennootskap met Ou Mutual Corporate versterk. Dit stel ons in staat om 'n meer geïntegreerde benadering te volg met werknemervoordele wat gesondheidsorg, finansiële beskerming en welstandsteun kombineer.

Versterking van lidervaring

Op die ou einde is ons strategie net so sterk as die ervaring wat ons daagliks aan ons lede bied.

Ons het betekenisvolle verbeterings in ons diensleweringmodel gesien. Die Kliëntesorgsentrum, dikwels die eerste kontakpunt, het sterk prestasie gelever, wat beide operasionele uitnemendheid en 'n opregte toewyding om lede te help, weerspieël.

- Gemiddelde antwoordtyd van 23 sekondes
- 82% van oproepe binne 20 sekondes beantwoord
- 94,25% van navrae met die eerste oproep opgelos

Operasionele doeltreffendheid het oor die algemeen verbeter, met vinniger omkeertye en meer vaartbelynde prosesse.

- Meer as 3,2 miljoen eise verwerk gedurende 2025
- Aansluitingstyd verminder tot minder as een dag (0,98 dae)
- Die eisebetalingsiklus is verkort tot 6,9 dae, af van 8,21 dae in 2024

Hierdie verbeterings is onafhanklik erken deur die 2025 Customer Experience Index (CE Index™), waar Medihelp die volgende behaal het:

- 1ste plek in kategorie vir Kliëntedienskontaksentrum
- 2de algehele plek in die bedryf
- 3de plek vir Mediese fondseprodukt én Digitale Kanaal

"Dit voel wonderlik om vir die beste mediese fondskliëntesorgsentrum in die land te werk. Elke oproep herinner my daaraan dat ek die kans het om iemand te help tydens 'n kwesbare oomblik, en dit beteken vir my baie. Selfs op moeilike dae hou die ondersteuning van my span en die verskil wat ons in mense se lewens maak my gemotiveerd en trots om deel van hierdie familie te wees." – Liesje Smit, Medihelp-Kliëntesorg



Lidbetrokkendheid

Ons verhouding met lede word dieper, veral op ons digitale platforms.

Meer as 1,17 miljoen mense het ons webblad besoek en ons volgers op sosiale media het gestyg. Dit is egter belangriker om daarop te let dat betrokkenheid ver bo die van die bedryf is, wat daarop dui dat ons kommunikasie tersaaklik en betekenisvol is.

- Meer as 1,17 miljoen unieke webbladbesoekers
- Algehele groei op sosiale media van 3,44%
 - o LinkedIn +24,89%
 - o Instagram +10,24%

Medihelp se kommunikasiebenadering is ingestel op tersaaklike, mensgerigte inhoud wat by die alledaagse lewe van ons lede pas.

- Ledenuusbrief Thrive! en Floreer! se leeskoers is ongeveer 49% teenoor 32,8% vir die bedryf
- Algehele e-posbetrokkenheid van 57,66%
- Verdienende mediawaarde van meer as R20 miljoen

Hierdie resultate toon dat doeltreffende kommunikasie nie net gaan oor inligting deel nie. Dit gaan oor vertroue bou, luister en verbinding met ons lede skep.

"Dit is hoe ons van binne vertroue bou. Nie om mense voor te sê wat om te glo nie, maar deur te luister, te oordink en saam iets te skep waarin mense glo." – Lien Potgieter, Medihelp Hoof van Bemarking

Steun aan gemeenskappe deur betekenisvolle vennootskappe

By Medihelp beseft ons ons het 'n verantwoordelikheid om 'n bydrae te lewer tot die gemeenskappe en omgewings waarin ons sake doen. Gedurende 2025 het ons aktiwiteite om korporatiewe sosiale investering gefokus op toegang tot gesondheidsorg, vroeë ontwikkeling van kinders en holistiese welstand.

Vir die eerste keer was Medihelp 'n eksterne borg van die Phelophepa Healthcare Train, wat mediese, tandheelkundige en oogkundige sorg aan pasiënte in onderbediende gemeenskappe lewer.



Met die MyWalk-inisiatief het ons gehelp om skoolskoene, wat van opgesikleurde mediese afval gemaak is, te versprei aan behoeftige leerders, sodat hulle nie kaalvoet of sonder geskikte skoene skool toe hoef te gaan nie.

3 429 pare skoolskoene wat in verskeie gemeenskappe uitgedeel is

"Wat beteken dit vir jou om nuwe skoene te kry?"

"'n Tweede kans, Mevrou."
– Ontvanger van skoolskoene*

Ons toewyding aan die ontwikkeling van jong kinders het steun aan die Bekezela-crèche in Newtown, Johannesburg ingesluit. Hier het ons maandelikse toelae vir vier vrywillige versorgers gefinansier en kombuistoerusting verskaf sodat die kinders wie se ouers rommel versamel een voedsame maaltyd per dag kan geniet. Ons het ook vervoer geborg vir die Transoranje Skool vir Dowes se gebaretaalkoor Hands of Harmony. Dit het hulle in staat gestel om saam met Theo van Wyk van die

Universiteit van Pretoria op te tree.

Hierdie inisiatiewe weerspieël ons verbintenis tot inklusiwiteit en die ontwikkeling van jong talent. Ons bydrae tot die High 5-projek het gehelp om laerskoolkinders se veerkragtigheid en emosionele bewustheid op 'n jong ouderdom te vestig.

Ons werknemers het ook weer 'n aktiewe rol in gemeenskapsteun gespeel. Dit het ingesluit skenkings aan dierewelsynsorganisasies tydens die feesseisoen, asook tyd deurbring op Mandeladag met inwoners van Lofdal Aftreeoord.

Die betrokkenheid van ons leiers is 'n uiters belangrik deel van ons korporatiewe burgerskap. Lede van ons uitvoerende en senior bestuurspan, onder wie Sandra Minne, Ritesh Ramdeen en Shannon Gunkel, het aan die CEO Cycle Challenge – in vennootskap met die South African Hall of Fame – deelgeneem om beurse aan leerders van minderbevoorregte agtergronde moontlik te maak.

"Hierdie borgskap beteken baie vir my, veral vir my en my gesin. Die hulp wat ons kry, help regtig met my sportloopbaan en my leerwerk en net my gemoedsrus." – Beurshouer*

Hierdie inisiatiewe herinner ons dat korporatiewe sosiale verantwoordelikheid nie slegs 'n administratiewe taak is of om ons verpligtinge na te kom nie. Dit gaan daaroor dat ons almal aan mekaar verbind is. As ons ander mense bystaan, skep ons sterker, lewendiger gemeenskappe vir almal.

Geanker in ons missie, gebou vir wat kom

Gesondheidsorg sal altyd ontwikkel, maar Medihelp is reg geposisioneer vir wat voorlê. Ons sterkpunt is nie net ons finansiële veerkragtigheid nie maar ook hoe ons ons lede ondersteun – met konsekwenheid, sorg en integriteit.

Die vordering wat in 2025 gemaak is, is 'n stewige grondslag vir die toekoms. Ons fokus is duidelik: om ons verpersoonlikte benadering tot sorg te verdiep, volhoubaarheid te versterk en die vertroue wat daagliks in ons gestel word, te verdien.

Medihelp se storie gaan nie net oor hoe lank ons al in die bedryf is nie. Dit gaan oor hoe ons ons lede bedien – met uitmuntendheid, deernis, samewerking en deursigtigheid in elke interaksie, elke besluit en elke oomblik wat saak maak.

Varsha Vala
Hoofbeampste

Verslag van die Raad van Trustees

Die Raad van Trustees lê hiermee sy verslag voor vir die jaar geëindig 31 Desember 2025:

1. Beskrywing van die mediese skema

1.1. Registrasievoorraades

Medihelp (die Skema) is 'n nuwingsgewende, oop mediese skema wat geregistreer is met verwysingsnommer 1149 ingevolge die Wet op Mediese Skemas 131 van 1998, soos gewysig ("Wet op Mediese Skemas, 1998").

1.2. Medihelp se versekeringskontrakte

Die Skema het gedurende die oorsigtydperk agt versekeringskontrakte aan werknemers van deelnemende werkgewersgroepe en lede van die publiek gebied:

- MedPlus
- MedElite
- MedElect
- MedSaver
- MedPrime (plus laer-geprysde opsie)
- MedAdd (plus laer-geprysde opsie)
- MedVital (plus laer-geprysde opsie)
- MedMove!

Medihelp bied dekking vir 'n verskeidenheid mediese dienste, wat soos volg opgesom kan word:

- Bykomende versekerde voordele vir verskeie lewensfasies (voorkomende siftingstoetse);
- Dag-tot-dag-risikovooredele (byvoorbeeld, konsultasies by algemene praktisyne en akute medisyne);
- Mediese spaarrekening;
- Dekking vir chroniese medisyne;
- Diagnostiese dienste (byvoorbeeld, radiologie en patologie);
- Hospitaalopnames en verwante dienste; en
- VMV-vlak van sorg (voorgeskrewe minimum voordele).

1.3. Persoonlike mediese spaarrekeninge

Persoonlike mediese spaarrekeninge word ingevolge die Reëls van Medihelp bestuur en alle gelde behoort aan die Skema.

Lede van die MedElite- (10%), MedPrime- (10%), MedAdd- (15%) en MedSaver- (25%) versekeringskontrakte betaal 'n ooreengekome deel van hulle bruto ledegeld (persentasies

tussen hakies aangedui), soos gereguleer deur die Wet op Mediese Skemas, 1998, in persoonlike mediese spaarrekeninge. Die persoonlike mediese spaarrekening help lede om hul deel van die koste van gesondheidsorg tot 'n voorgeskrewe drempel te dek.

Lede verdien aan die einde van elke maand rente op die saldo in hulle spaarrekeninge. Die rente is gebaseer op dit wat verdien word op die belegging van die spaarfondse in kort-termyn-beleggingsinstrumente. Die Skema het nie 'n administrasiefooi vir die bestuur van lede se persoonlike mediese spaarrekeninge nie.

Die aanspreeklikheid teenoor lede ten opsigte van die spaarrekeninge word as 'n nie-afsonderlike beleggingskomponent beskou (ingevolge IFRS 17-vereistes vir versekeringskontrakte). As sodanig word hierdie aanspreeklikheid by die meting van verpligtinge ten opsigte van versekeringskontrakte in die Finansiële State ingesluit. Dit is terugbetaalbaar ingevolge regulasie 10 van die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas, 1998. Spaarplanbydraes is terugbetaalbaar indien die lid op 'n ander versekeringskontrak, by 'n ander mediese skema sonder 'n persoonlike mediese spaarrekening aansluit of nie by 'n ander mediese skema aansluit nie. Die opgelope, ongebruikte saldo in die persoonlike mediese spaarrekening word ingevolge die Reëls van Medihelp na die lid oorgeplaas.



2. Bestuur

2.1. Lede van die Raad van Trustees gedurende die oorsigjaar (in alfabetiese volgorde)

Trustee	Ampstermyn
Adv JM Ferreira	18 Junie 2020 tot Junie 2030
Mnr JC Kloppe (Voorsitter)	20 Junie 2024 tot Junie 2029
Adv PJ Louw	17 Junie 2021 tot Junie 2026
Mnr CP Mulder	26 Junie 2025 tot Junie 2030
Mnr TN van der Westhuizen	17 Junie 2021 tot Junie 2026
Mnr PM van Deventer	18 Junie 2020 tot Junie 2025
Mnr MJ Visser (Ondervoorsitter)	20 Junie 2024 tot Junie 2029

Daar was 'n kworum teenwoordig by alle vergaderings van die Raad van Trustees wat in 2025 gehou is.

2.2. Hoofbeampte

Me V Vala het as Hoofbeampte vir die jaar 2025 gedien.

2.3. Geregistreerde kantoor- en posadres

Clarkstraat 189
Brooklyn
Pretoria
0181

Posbus 26004
Arcadia
0007

2.4. Beleggingsbestuurders gedurende die jaar

Medihelp het in die 2025-boekjaar fondse by drie beleggingsbestuurders belê, naamlik Allan Gray Life Beperk, Ninety One SA (Edms) Bpk en MandG Investments Southern Africa (Edms) Bpk.

Allan Gray Life Beperk
Siloplein 1
V&A Waterfront
Kaapstad
8001

Posbus 51318
V&A Waterfront
Kaapstad
8002

Finansiële dienste-verskaffernommer: 6663

MandG Investments Southern Africa (Edms) Bpk
Grondvloer
Oxford Corner
Jellicoe-laan 32A
Rosebank
Johannesburg
2196

Finansiële dienste-verskaffernommer: 45199

Ninety One SA (Edms) Bpk
Hans Strijdomweg 36
Foreshore
Kaapstad
8001

Finansiële dienste-verskaffernommer: 22588

2.5. Ouditeure

Deloitte & Touche
Magwasengel 5
Waterfall City
Waterfall
2090

2.6. Prokureurs

MacRobert Ing Prokureurs
MacRobert-gebou
Jan Shobastraat 1060
Brooklyn
Pretoria
0181

Privaat sak X18
Pretoria
0075

Webber Wentzel
Rivoniastraat 90
Sandton
Johannesburg
2196

Posbus 61771
Marshalltown
Johannesburg
2107

GMI Prokureurs
GMI-huis
Harlequins-kantoorpark
Totiusstraat 164
Groenkloof
Pretoria
0181

Posbus 619
Pretoria
0001

3. Oorsig oor die aktiwiteite van die rekeningkundige tydperk

3.1. Operasionele statistiek per versekeringskontrak

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2025									
	MedPlus	MedElite	MedPrime	MedAdd	MedVital	MedElect	MedSaver	MedMove!	Totaal
Gemiddelde getal lede in die rekeningkundige tydperk	1 080	6 531	18 419	17 576	26 751	3 978	11 042	6 276	91 652
Getal lede aan die einde van die rekeningkundige tydperk	1 037	6 366	17 939	17 364	26 087	3 868	10 814	6 361	89 836
Gemiddelde getal bevoordeeldes in die rekeningkundige tydperk	1 352	9 121	38 831	41 950	63 435	7 250	24 903	6 901	193 744
Getal bevoordeeldes aan die einde van die rekeningkundige tydperk	1 298	8 855	37 660	41 626	61 903	7 082	24 405	6 974	189 803
Afhanklikes per lid aan die einde van die rekeningkundige tydperk	0,25	0,39	1,10	1,40	1,37	0,83	1,26	0,10	1,11
Versekeringsinkomste per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)	13 601	6 861	3 341	1 923	1 784	2 500	2 142	1 337	2 505
Versekeringsdiens-uitgaweverhouding*	83,1%	101,7%	98,9%	98,7%	92,6%	102,2%	107,4%	72,8%	97,7%
Versekeringsdiensuitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)*	11 306	6 978	3 307	1 901	1 654	2 557	2 301	974	2 450
Toepaslike gesondheidsorg-uitgaweverhouding**	78,2%	95,9%	92,1%	91,9%	86,5%	95,3%	99,8%	67,2%	91,2%
Toepaslike gesondheidsorguitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)**	10 636	6 582	3 078	1 768	1 543	2 382	2 138	899	2 285
Niegesondheidsorguitgawes as 'n persentasie van versekeringsinkomste***	6,7%	7,7%	8,4%	9,7%	8,6%	8,3%	10,9%	9,0%	8,8%
Niegesondheidsorguitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)***	912	528	281	186	153	207	234	121	220
Gemiddelde ouderdom van bevoordeeldes	69	66	42	34	36	41	36	31	39
Pensioenarisverhouding (bevoordeeldes > 65)	68,4%	66,0%	21,0%	10,2%	10,5%	19,2%	10,7%	5,1%	16,5%
									Totaal
Gemiddelde regulasie 29-opgelope fondse per lid aan die einde van die rekeningkundige tydperk****									R19 429
Opbrengs op beleggings as 'n persentasie van beleggings									12,3%

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2024									
	MedPlus	MedElite	MedPrime	MedAdd	MedVital	MedElect	MedSaver	MedMove!	Totaal
Gemiddelde getal lede in die rekeningkundige tydperk	1 291	7 359	20 105	18 062	28 784	6 829	11 455	3 968	97 852
Getal lede aan die einde van die rekeningkundige tydperk	1 236	7 145	19 630	17 679	27 955	6 808	11 188	3 899	95 540
Gemiddelde getal bevoordeeldes in die rekeningkundige tydperk	1 620	10 391	43 468	42 932	68 550	9 994	26 241	4 597	207 794
Getal bevoordeeldes aan die einde van die rekeningkundige tydperk	1 549	10 033	42 183	42 054	66 510	9 894	25 607	4 574	202 404
Afhanklikes per lid aan die einde van die rekeningkundige tydperk	0,25	0,40	1,15	1,38	1,38	0,45	1,29	0,17	1,12
Versekeringsinkomste per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)	12 273	6 163	2 973	1 744	1 599	1 919	1 912	1 462	2 280
Versekeringsdiens-uitgaweverhouding*	78,3%	103,1%	98,3%	102,7%	102,2%	109,7%	107,0%	88,5%	100,9%
Versekeringsdiensuitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)*	9 613	6 343	2 923	1 793	1 636	2 110	2 046	1 300	2 302
Toepaslike gesondheidsorg-uitgaweverhouding**	73,6%	96,8%	91,3%	94,7%	95,9%	102,0%	99,1%	83,1%	94,0%
Toepaslike gesondheidsorguitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)**	9 037	5 953	2 717	1 654	1 535	1 960	1 895	1 220	2 145
Niegesondheidsorguitgawes as 'n persentasie van versekeringsinkomste***	6,7%	7,8%	8,5%	9,8%	8,7%	8,5%	11,1%	8,8%	8,9%
Niegesondheidsorguitgawes per gemiddelde bevoordeelde per maand (R)***	826	478	254	171	139	163	211	129	202
Gemiddelde ouderdom van bevoordeeldes	68	65	42	34	36	35	35	36	38
Pensioenarisverhouding (bevoordeeldes > 65)	67,0%	63,8%	21,0%	10,2%	10,5%	13,4%	9,3%	8,1%	15,6%
									Totaal
Gemiddelde regulasie 29-opgelope fondse per lid aan die einde van die rekeningkundige tydperk****									R13 829
Opbrengs op beleggings as 'n persentasie van beleggings									10,0%

* Versekeringsdiens-uitgaweverhouding is gelyk aan die totale direk toedeelbare versekeringsdiensuitgawes, wat bestaan uit eise aangegaan, versekeringsverkrygingskontantvloei, derdeparty-eiseverhalings, geakkrediteerde bestuurde gesondheidsorgdienste en direk toedeelbare administratiewe uitgawes aangegaan as 'n persentasie van versekeringsinkomste. Bedrae toedeelbaar aan toekomstige lede is uitgesluit.

** Toepaslike gesondheidsorg-uitgaweverhouding (eiseverhouding) is gelyk aan versekeringsdiensuitgawes soos aangedui op die staat van wins en verlies en omvattende inkomste, uitgesluit direk toedeelbare administrasie-uitgawes en bedrae toedeelbaar aan toekomstige lede, plus netto inkomste / (uitgawe) op herversekeringskontrakte gehou as 'n persentasie van versekeringsinkomste.

*** Niegesondheidsorguitgawes sluit direkte en indirekte administrasie-uitgawes, batebestuursfooie en hermeting van die aftreevoordeleverpligting in.

**** Regulasie 29- opgelope fondse word nie per versekeringskontrak toegedeel nie.



3.2. Resultate van bedrywighede

Die resultate van die jaar se bedrywighede word duidelik in die Finansiële State uiteengesit en die Raad van Trustees is van mening dat geen verdere verduideliking nodig is nie.

3.3. Fondse en reserwes

Ingevolge IFRS 17 Versekeringskontrakte (IFRS 17) is ledefondse, behalwe die herwaarderingsreserwe vir finansiële bates, herklassifiseer as niebedryfslaste en bedryfslaste toedeelbaar aan toekomstige lede. Verwys na notas 9.3 en 13 tot die Finansiële State.

3.4. Versekeringskontraklas

Die grondslag vir die berekening van die aanspreeklikheid vir eise aangegaan word in nota 9 tot die Finansiële State uiteengesit.

3.5. Rapportering ingevolge Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS)

Die Raad van Trustees het al die toepaslike vereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die Wet op Mediese Skemas, 1998 in die Finansiële State toegepas.

Die Skema se solvensieverhouding het gestyg van 20,99% in 2024 na 27,01% in 2025. Die verbetering is hoofsaaklik toe te skryf aan ’n toename in opgelope reserwes gedurende die jaar, wat grootliks gedryf is deur die realisering van voorheen ongerealiseerde beleggingswins ná die onttrekking uit die Allan Gray gekoppelde versekeringspolis. Hoewel hierdie winste reeds in vroeëre tydperke in opgelope fondse weerspieël is, verhoog hul realisering gedurende 2025 die opgelope fondse op die regulatoriese solvensiebasis, wat ’n verbetering in die Skema se solvensieverhouding tot gevolg het. Verwys na nota 6 tot die Finansiële State.

4. Versekeringsrisikobestuur

Die primêre versekeringsaktiwiteit van die Skema is om die risiko van die verlies wat voortspruit uit ’n gesondheidsgebeurtenis (versekerde gebeurtenis) by lede en hul afhanklikes oor te neem. Die risiko hou verband met die feit dat die Skema se werklike ervaring verskil van waarvoor daar begroot is. Dit sluit afwykings op die verliesverhouding in wat toegeskryf kan word aan lidmaatskap en eise wat van die verwagting verskil, maar is nie hiertoe beperk nie.

Die Skema is blootgestel aan onsekerheid oor die tydsberekening en omvang van eise op die versekeringskontrakte en versekeringsinkomste ontvang weens lidmaatskapinskrywings, bedankings en bewegings tussen opsies wat verskil van wat verwag word en begroot is. Die Skema is ook blootgestel aan versekeringsrisiko's wat met versekeringsrisikodeling- en risiko-oordragaktiwiteite verband hou.

Die Skema bestuur sy versekeringsrisiko deur voordeellimiete en sublimiete, goedkeurings-prosedures vir transaksies wat prysvasstellingsriglyne behels, asook voorafgoedkeuring en gevallebestuur, diensverskafferprofilering en die monitering van kwessies wat opduik. Sekere risiko's word verlaag deur risiko-oordragooreenkomste aan te gaan. ’n Span forensiese ouditeure ondersoek tendense, diensverskaffers en lede deurlopend vir moontlike bedrogrtransaksies.

Die Skema gebruik verskeie metodes om versekeringsrisikoblootstelling vir sowel individuele as algemene tipes versekerde risiko's te evalueer en te monitor. Hierdie metodes sluit interne risikometingsmodelle, reserweberekenings, scenario-ontledings, bestuurdegesondheidsorg-protokolle, verwysingsprysbeginsels, bestuurdesorgprogramme en finansiële projeksies in, met inagneming van die werklike ervaring tot op datum.

Die uitslae van model- en scenario-ontledings word vir die ontwerp en prysvasstelling van versekeringskontrakte gebruik. Die waarskynlikheidsbeginsel word op prysvasstelling en voorsiening vir ’n portefeulje van versekeringskontrakte toegepas. Die belangrikste risiko is dat die aantal en omvang van eise groter sal wees as wat daar verwag word. Die Raad van Trustees gebruik ook ’n Register van Strategiese Risiko's om die strategiese risiko's wat met die Skema en sy volhoubaarheid verband hou, te meet en te bestuur.

Versekeringsgevalle is van nature lukraak, en die werklike getal en omvang van voorvalle gedurende enige gegewe jaar mag verskil van beramings wat met behulp van aanvaarde statistiese tegnieke gemaak is.

4.1. Risiko-oordragooreenkomste

Die Skema het gedurende die oorsigjaar risiko-oordragooreenkomste met die volgende diensverskaffers gesluit: Netcare 911, Dental Risk Company (DRC) en Preferred Provider Negotiators (PPN). Besonderhede van die aard, bepalinge en voorwaardes asook die resultate van hierdie ooreenkomste word in nota 10 tot die Finansiële State geopenbaar.

4.2. Aktuariële dienste

Die rol van aktuarisse by mediese skemas is hoofsaaklik om risikobestuurmaatreëls te verbeter en bystand met die ontwerp en prysvasstelling van versekeringskontrakte te verleen. Die Skema se gekontrakteerde aktuarisse soos op 31 Desember 2025 was 3ONE (Edms) Bpk, wat handel dryf as 3ONE Consulting Actuaries, om die nodige aktuariële funksies te verrig.

3ONE is oor die bepaling van ledegeld en voordeelvlakke geraadpleeg en het ook hulp verleen met die bepaling van die aannames wat gebruik is om die aanspreeklikheid vir eise aangegaan te bereken, wat in nota 9.1 tot die Finansiële State verduidelik word.

Die Skema gebruik aktuariële waardasies om sy verpligtinge ná indiensneming ingevolge die bepalinge van IAS 19 "Employee Benefits" te bepaal. 3ONE het die waardasie van mediese voordele vir werknemers ná aftrede uitgevoer. Verwys na nota 11 tot die Finansiële State vir meer inligting.

3ONE (Edms) Bpk, handeldrywend as 3ONE Consulting Actuaries
Grondvloer
Northview-gebou
Bryanston Place-kantoorpark
Bryanstonrylaan 199
Bryanston
Sandton
Johannesburg
2191

3.6 Solvensieverhouding

	2025	2024
	R	R
Totaal van bedrae toedeelbaar aan toekomstige lede en herwaarderingsreserwe	2 159 803 147	1 848 292 062
Min: Ongerealiseerde beleggingswins	(342 212 444)	(334 478 570)
Herwaarderingsreserwe vir finansiële bates	(346 655 507)	(317 493 566)
Herklassifisering van beleggings ná aanvaarding van IFRS 9 by opgelope fondse ingesluit	4 443 063	(16 985 004)
Min: Netto billikewaardewins op finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies	(72 140 270)	(192 559 657)
Saldo aan die begin van die jaar	(192 559 657)	(135 820 321)
Ongerealiseerde winste gerealiseer by onttrekking van gekoppelde versekeringspolis, verwys na nota 6 tot die Finansiële State.	179 807 275	-
Beweging in huidige jaar	(59 387 888)	(56 739 336)
Opgelope fondse ingevolge regulasie 29 van die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas, 1998	1 745 450 433	1 321 253 835
Bruto bydraes	6 461 197 398	6 295 797 028
Solvensieverhouding bereken as die verhouding van opgelope fondse / bruto jaarlikse bydraes x 100	27,01%	20,99%
Minimumverhouding vereis deur regulasie 29 van die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas, 1998	25,00%	25,00%

Verwys na nota 19.2 tot die Finansiële State vir openbaarmaking rakende kapitaalrisikobestuur.

5. Getrouheidsdekking

Die Skema het voldoende getrouheidsdekking, soos vereis deur die Wet op Mediese Skemas, 1998.

6. Beleggings in en lenings aan deelnemende werkgewers van lede van die mediese skema en aan ander verwante partye

Die Skema hou beleggings in deelnemende werkgewers van lede van die Skema (verwys na paragraaf 16.4 van die Verslag van die Raad van Trustees vir die openbaarmaking van nienakoming).

Die Skema hou 'n belegging in Curamed Beherend (Edms) Bpk, wat verteenwoordigend is van een van die Skema se verskaffersnetwerke. Besonderhede word uiteengesit in nota 21 tot die Finansiële State, wat handel oor verwante partye.

7. Transaksies met verwante partye

Transaksies met verwante partye word in nota 21 tot die Finansiële State uiteengesit.

Trusteevergoeding word in nota 26 tot die Finansiële State uiteengesit.

8. Oudit-en-risikokomitee

Die Oudit-en-risikokomitee is ingevolge die bepalings van die Wet op Mediese Skemas, 1998 gestig en het 'n mandaat van die Raad van Trustees verkry ingevolge die Handves van die Oudit-en-risikokomitee, wat die Komitee se lidmaatskap, magte en pligte bepaal.

Die doel van die Komitee is om die Raad by te staan in die uitvoering van sy pligte deur die integriteit van verslagdoening te verseker asook die doeltreffendheid van die finansiële verslagdoeningsproses, die stelsel van interne kontroles, die gerusstellingsproses, en die Skema se proses om nakoming van wette, regulasies, die Raad se Gedragskode en die Reëls van Medihelp te monitor.

Die Komitee bestaan uit vyf lede, waarvan twee lede op die Raad van Trustees is en drie lede, insluitend die voorsitter, onafhanklike lede is. Die vergaderings hier onder is ook bygewoon deur die Hoofbeampte, die eksterne ouditeure, die betrokke senior bestuurspersoneel en interne ouditeure van die Skema, wat 'n staande uitnodiging het om hierdie vergaderings by te woon. Die Komitee het by drie geleenthede gedurende die jaar vergader:

- 18 Februarie 2025
- 16 April 2025
- 18 Augustus 2025

Die Komiteelede het die vergaderings soos volg bygewoon:

- 18 Februarie 2025: PM van Deventer, TN van der Westhuizen, G Kapp, JP Nieuwenhuis en JE Carstens.
- 16 April 2025: PM van Deventer, TN van der Westhuizen, G Kapp, JP Nieuwenhuis en JE Carstens.
- 18 Augustus 2025: MJ Visser, TN van der Westhuizen, G Kapp, JP Nieuwenhuis en JE Carstens.

Die Komitee het soos volg verslag gedoen:

- Die Komitee se opdrag is bygewerk en deur die Raad van Trustees goedgekeur;
- Die Komitee het sy pligte ingevolge die Wet op Mediese Skemas, 1998 en die Raad van Trustees se geskrewe en goedgekeurde Handves van die Oudit-en-risikokomitee uitgevoer;
- Die eksterne ouditeure is vir die volgende geëvalueer:
 - Hul onafhanklikheid, die vaardigheidsvlak van die ouditspan en die etiese standaard van die firma;
 - Die goedkeuring van die firma en skakelvennoot deur die Raad op Mediese Skemas (RMS); en
 - Hul algehele prestasie.
- Dit het ook kennis geneem van die bevindings in inspeksieverslae deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure, waar van toepassing;
- Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Komitee by die algemene jaarvergadering aanbeveel dat Deloitte as statutêre ouditeure van die Skema vir die 2025-boekjaar aangestel word;
- Dit het 'n oorsigrol vervul oor die risiko- en bestuursproses wat deur die Raad van Trustees en bestuur aanvaar en geïmplementeer is;
- Die gerusstelling deur bestuur, die eksterne ouditeure en die interne ouditeure het die Komitee tevrede gestel dat interne kontroles voldoende en doeltreffend is;
- Dit het die verhouding tussen die eksterne gerusstellingsverskaffers en die Skema gemonitor;
- Dit het die interne audit- en forensiese planne goedgekeur en het die interne audit- en forensiese verslae hersien en kommentaar daarop gelewer;
- Dit het 'n oorsigrol vervul oor die Skema se risiko's ten opsigte van finansiële verslagdoening, interne finansiële kontroles, inligtingstegnologie- en bedrogrisiko's wat met finansiële verslagdoening verband hou;
- Dit het die gedokumenteerde evaluering van die Skema se lopendesaakstatus, soos deur bestuur voorberei, hersien;
- Dit het die Skema se geouditeerde Finansiële State en rekeningkundige beleide hersien, gerusstellings van die eksterne ouditeure bekom en by die Raad van Trustees aanbeveel dat die Finansiële State aanvaar word vir voorlegging aan die lede;
- Dit het die Skema se jaarverslag hersien en aanbeveel dat die Raad van Trustees dit goedkeur;
- Dit het 'n selfevaluasie uitgevoer;
- Die kwalifikasies en ervaring van die personeel in Finansies is geëvalueer en die Komitee is tevrede dat

hulle paslik gekwalifiseerde persone met die nodige ervaring is; en

- Die Komitee is tevrede dat die beleide en prosedures wat deur bestuur ingestel is voldoende was om te verseker dat die kontroles ten opsigte van die rekeningkundige en inligtingstelsels bevredigend en doeltreffend is en aan die vereistes van die RMS voldoen.

Die Komitee het bevestig dat 'n gekombineerde gerusstellingsmodel toegepas word om aandag te skenk aan die strategiese risiko's waarmee die Skema gekonfronteer word. Die model word bygewerk ná verbeterings aan die risikobestuursproses en identifisering van alle wesenlike en nuwe risiko's.

Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee, wat aan die Oudit-en-risikokomitee rapporteer, hersien en monitor gereeld die Skema se risikobestuur- en bestuursraamwerk en -strategie in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, Skemareëls en gedragskodes, om die Skema se besigheidsdoelwitte te ondersteun. Die gerusstellings van bestuur, die eksterne ouditeure en die interne ouditeure het die Komitee tevrede gestel dat interne kontroles voldoende en doeltreffend is.

Die Komitee het ook die korporatiewebestuurbeleide wat die Raad van Trustees aanvaar het, hersien en aanbevelings gemaak waar toepaslik. Die Komitee het verder kennis geneem van terugvoer van die Inligting-en-kommunikasietegnologiekomitee (IKT-komitee), die Beleggingskomitee, die Klinieserisikokomitee en die Mensehulpbronnekomitee.

Tot 24 Julie 2025 het die Komitee bestaan uit mnr GJ Kapp (onafhanklike voorsitter), mnr JE Carstens (onafhanklike lid), mnr TN van der Westhuizen (Trustee), mnr PM van Deventer (Trustee) en mnr JP Nieuwenhuis (onafhanklike lid). Met ingang van 24 Julie 2025, ná wysigings aan die samestelling van die Raad van Trustees, is mnr CP Mulder as Trustee aangestel en mnr PM van Deventer nie heraan gestel nie, wat 'n vakature op die Komitee geskep het. Mnr MJ Visser is vervolgens aangewys om hierdie vakature op die Oudit-en-risikokomitee te vul. Die samestelling van die Komitee het daarna tot aan die einde van die jaar onveranderd gebly.

Die lede van die Oudit-en-risikokomitee het die volgende kwalifikasies:

- Mnr JE Carstens – BCom (Ed), BCompt, CIA, CRMA, CISA;
- Mnr GJ Kapp – BComHons, CA (SA);
- Mnr TN van der Westhuizen – BComptHons, MBA, CPA;
- Mnr PM van Deventer – BCom, MBA;
- Mnr JP Nieuwenhuis – BComptHons, CA (SA); en
- Mnr MJ Visser – BCom (Ed), BCom, MBA.

9. Beleggingskomitee

Die Beleggingskomitee is gestig en het 'n mandaat van die Raad van Trustees verkry ingevolge geskrewe voorwaardes aangaande die Komitee se lidmaatskap, magte en pligte. Die Komitee bestaan uit vier lede wat op die Raad van Trustees is. Die Komitee het by vier geleenthede gedurende die jaar vergader:

- 6 Februarie 2025
- 5 April 2025
- 5 Augustus 2025
- 11 November 2025

Die vergaderings is deur alle lede van die Komitee bygewoon.

Die doel van die Beleggingskomitee is om die Raad van Trustees in die uitvoering van sy pligte te ondersteun deur te verseker dat die toepaslike wette en regulasies met betrekking tot die belegging van surplusfondse nagekom word, en om die Beleggingsbeleidsverklaring (strategiedokument), die Beleggingsbeleid en die Beleggingskomiteehandves te hersien vir goedkeuring deur die Raad van Trustees. Die Komitee bied ook 'n bemaagtigende omgewing vir die behoorlike administrasie van Medihelp se beleggings.

Die Skema se beleggingsdoelwit is om die maksimum beleggingsopbrengste op 'n langtermynbasis teen die laagste risiko te verseker. Die beleggingstrategie neem die beperkings in ag wat deur wetgewing sowel as die Raad van Trustees opgelê word. Die mandaat wat die Raad van Trustees aan die Beleggingskomitee verleen het, is om surplusfondse ingevolge risikobeperkende maatreëls te belê by instellings wat die hoogste moontlike opbrengs bied. Die Skema belê ook in vaste deposito's (korttermynbeleggings) en geldmarkinstrumente vir die doel van kontantvloeiëbeplanning wat met voorafbepaalde eisebetalingsdatums verband hou.



Die Beleggingskomitee het sy pligte in 2025 soos volg vervul:

- Die Medihelp Beleggingsbeleidsverklaring (strategiese dokument), die Beleggingsbeleid en die Beleggingskomiteehandves is hersien en wysigings is aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad van Trustees. Die dokumente is in November 2025 deur die Raad van Trustees goedgekeur;
- Die prestasie van alle beleggings (kort- en langtermyn) is geëvalueer en gemonitor deur middel van aanbiedings deur batebestuurders en die bestudering van verslae wat tydens vergaderings aan die Komitee voorgelê is;
- Die Skema se beleggingsportefeuje is ook vanuit 'n strategiese perspektief geëvalueer om te verseker dat die besluite wat deur die Komitee geneem is, ooreenstem met marktendense en in lede se beste belang is. Dit is bewerkstellig deur die prestasie van portefoljebeleggings aan omskrewe standarde te meet;
- Die Komitee het toesig gehou oor die Skema se onttrekking uit sy gekoppelde versekeringspolis by Allan Gray in 2025 en die herbelegging van die opbrengste in twee gediversifiseerde gekoppelde versekeringspolis-portefoljes ten einde die Skema se diversifikasie van langtermynbeleggings te verbeter;
- Die toereikendheid van die Skema se korttermynkontantmiddele teenoor begrote eise is deurlopend gemonitor en by die verslae wat deur die Komitee hersien is, ingesluit; en
- Nakoming van die vereistes soos uiteengesit in Aanhangsel B van die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas, 1998 met betrekking tot die lang- en korttermynbeleggings van die Skema is ook gedurende 2025 gemonitor.

Besonderhede van die Skema se finansiële bates word in nota 6 tot die Finansiële State verklaar.

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

- Mnr PM van Deventer (voorsitter) (termyn geëindig 26 Junie 2025);
- Adv PJ Louw;
- Mnr TN van der Westhuizen (voorsitter) (aangestel 24 Julie 2025);
- Mnr MJ Visser; en
- Mnr CP Mulder (aangestel 26 Junie 2025).

10. Mensehulpbronnekomitee

Die Mensehulpbronnekomitee is deur die Raad van Trustees gestig en het sy mandaat ingevolge sy Handves verkry. Die Komitee bestaan uit vyf lede, waarvan drie lede op die Raad van Trustees is. Die Komitee het by drie geleenthede gedurende die jaar vergader:

19 Februarie 2025
8 April 2025
13 November 2025

Hierdie vergaderings is deur al die lede van die Komitee bygewoon.

Die Mensehulpbronnekomitee het sy verantwoordelikhede vir die 2025-boekjaar vervul deur aandag te gee aan die volgende sake:

- Hersiening van Mensehulpbronbeleide en die Komitee se Handves;
- Benoeming van lede van die Raad;
- Aansporings;
- Prestasie en vergoeding vir uitvoerende bestuur;
- Salarisverhogings;
- Honorarium van die Raad van Trustees en subkomitees en verslagdoening daaroor;
- Vul van uitvoerende posisies;
- Mensehulpbronstrategie;
- Leerinisiatiewe en werknemerwelstand;
- Etiek;
- Gelyke indiensneming – met 'n voortgesette fokus op groter diversiteit op alle vlakke;
- Interaksie met belangegroepe – strategieë om ledetevredenheid te verhoog;
- Strategieë om deurlopende innovasie in die ontwerp van voordele te bevorder om mededingend in die mark te bly; en
- Die bevordering van groter deursigtigheid ten opsigte van vergoeding en prestasie-evaluerings.

Gedurende die jaar het die Komitee uit die volgende trustees en onafhanklike lede bestaan:

- Mnr MJ Visser (voorsitter);
- Adv JM Ferreira;
- Mnr PM van Deventer (termyn geëindig 26 Junie 2025);
- Mnr CP Mulder (aangestel 26 Junie 2025);
- Mnr JP van Zittert (onafhanklike lid); en
- Mev R Wolmarans (onafhanklike lid).

Die onafhanklike lede van die Mensehulpbronnekomitee het die volgende kwalifikasies en lidmaatskap:

- Mnr JP van Zittert – BCom Bedryfsielkunde, BCom (Hons) Bedryfsielkunde, MCom Bedryfsielkunde, Geregistreerde Bedryfsielkundige, Vergoedingspesialis (SARA); en
- Mev R Wolmarans – BCom Mensehulpbronnebestuur, BCom (Hons) Mensehulpbronnebestuur, MCom Bedryfsielkunde, Geregistreerde Bedryfsielkundige.

11. Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee

Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee se mandaat is om gereeld die Skema se risikobestuur- en bestuursraamwerk en -strategie te hersien en te monitor, in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing, Skemareëls en Goeiepraktykkodes, soos die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ (King IV). Dit word gedoen om die Skema se besigheidsdoelwitte te ondersteun. Die Skema volg 'n geïntegreerde benadering tot bestuursgerusstelling om die bestuurs-, risiko- en voldoeningsprosesse te bestuur en te beheer.

Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee doen verslag aan die Oudit-en-risikokomitee en het sy verpligtinge vir die jaar vervul deur toesig te hou oor die volgende:

- Kritieke strategiese risiko's en praktiese maatreëls om aan probleemareas aandag te gee;
- Sekere fokusareas soos van tyd tot tyd deur die Raad van Trustees bepaal; en
- Nakoming van die bepalings van die Wet op Mediese Skemas, 1998 en enige ander wetgewing wat die bestuur van die Skema raak.

Die Skema het sy regulatoriese en wetlike verpligtinge ten volle nagekom. Geen strawwe of boetes is tydens die verslagtydperk ontvang nie, en geen belanghebbers, intern of ekstern, het enige noemenswaardige kommer geopper nie. Dit, tesame met die onderskeie verbeterings en projekte wat gedurende hierdie tydperk voltooi is, getuig van die sukses van die Komitee.

Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee het op die volgende datums vergader, en al die vergaderings is deur al die lede bygewoon:

1 April 2025
12 Augustus 2025
4 November 2025

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

- Adv PJ Louw (voorsitter);
- Mnr JM Ferreira;
- Mnr JC Kloppe;
- Mnr MJ Visser (termyn geëindig 26 Junie 2025); en
- Mnr TN van der Westhuizen (aangestel 26 Junie 2025).

12. Inligting-en-kommunikasietegnologiekomitee (IKT-komitee)

Die IKT-komitee is onder mandaat van die Raad van Trustees gestig met geskrewe voorwaardes vir lidmaatskap, magte en pligte volgens die IKT-handves. Die oorhoofse doel van hierdie komitee, 'n subkomitee van die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee (voorheen bekend as die Oorsigkomitee), is om aan King IV: Beginnel 12 te voldoen. Die IKT-komitee se primêre rol is strategiese oorsig oor inligtings-en-tegnologiebestuur en verwante beleggings in ooreenstemming met organisasiedoelwitte om volhoubare waardeskepping te verseker. Die Komitee se rol sluit ook in die toesig oor etiese, veilige en doeltreffende gebruik van tegnologie in die organisasie, in ooreenstemming met die beginsels van deursigtigheid, rekenpligtigheid en risikovermindering. Die Komitee sluit dus lede van die Raad van Trustees en twee onafhanklike inligtingstegnologiekundiges in. Die Komitee het gelyktydig met die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee op die volgende datums vergader, en al die vergaderings is deur al die lede van die Komitee bygewoon:

1 April 2025
12 Augustus 2025
4 November 2025

Die IKT-komitee verseker IKT-voldoening aan besigheidsdoelwitte en fokus op die volgende:

- Verseker dat stelselontwikkeling en -instandhouding kostedoeltreffend is, behoorlik bestuur word en waarde toevoeg;
- Toekomsbeplanning, monitering en verslagdoening oor IKT-risiko's, -hulpbronne en doeltreffendheid;
- Verseker beste praktyk en goeie korporatiewe bestuur; en
- Kubersekuriteit, insluitend maatreëls wat ingestel word om gepaardgaande risiko's te verlaag en fokus op besigheidsvolhoubaarheid.

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

- Adv PJ Louw (voorsitter);
- Adv JM Ferreira;
- Mnr JC Kloppe;
- Mnr TN van der Westhuizen (aangestel 26 Junie 2025);
- Mnr MJ Visser (termyn geëindig 26 Junie 2025);
- Mnr P Lutchman (onafhanklike lid); en
- Mnr P Naidoo (onafhanklike lid).

Die onafhanklike lede van die IKT-komitee het die volgende kwalifikasies en lidmaatskap:

- Mnr P Lutchman – CTO/CIO/CDO, Global Startup-mentor by die Founder Institute, Genoot by die Institute of Directors in Southern Africa, BSc Pharm; en
- Mnr P Naidoo – Uitvoerende MBA, PGDip.

13. Reël-en-produkkomitee

Die Reël-en-produkkomitee is gestig en het ’n mandaat van die Raad van Trustees verkry met geskrewe voorwaardes aangaande die Komitee se lidmaatskap, magte en pligte. Die doel van die Reël-en-produkkomitee is om aanbevelings aan die Raad van Trustees te maak oor wysigings aan bestaande versekeringskontrakte, die afskaf van bestaande versekeringskontrakte en/of die instel van nuwe versekeringskontrakte. Dit sluit in verwante produkte soos waardetoevoegingsprogramme om die Raad by te staan met die nakoming van sy verantwoordelikhede en te verseker dat versekeringskontrakte aan die toepaslike wette en regulasies voldoen. Die Komitee sien ook toe dat produkte Medihelp se bemarkingstrategie ondersteun, in die mediese-skemabedryf bemarkbaar is en finansiël volhoubaar is. Verder maak die Komitee aanbevelings aan die Raad van Trustees oor alle reël wysigings om die Raad by te staan om te verseker dat die Reëls van Medihelp aan toepaslike wette en regulasies voldoen en ’n bemagtigende omgewing bied vir die behoorlike administrasie van Medihelp se sake. Die Komitee het by drie geleenthede gedurende die jaar vergader:

6 Mei 2025
12 Junie 2025
7 Augustus 2025

Hierdie vergaderings is deur al die lede van die Komitee bygewoon.

Die Komitee het uit die volgende lede bestaan:

- Mnr TN van der Westhuizen (voorsitter van die vergaderings gehou op 6 Mei 2025 en 12 Junie 2025);
- Adv JM Ferreira;
- Mnr JC Kloppe;
- Adv PJ Louw;
- Mnr PM van Deventer (termyn geëindig 26 Junie 2025);
- Mnr MJ Visser; en
- Mnr CP Mulder (aangestel op 26 Junie 2025 en voorsitter van die vergadering gehou op 7 Augustus 2025).

14. Klinieserisikokomitee

Die Klinieserisikokomitee is gestig en het ’n mandaat van die Raad van Trustees verkry met geskrewe voorwaardes aangaande sy lidmaatskap, magte en pligte. Die doel van die Komitee is om die Raad by te staan om te verseker dat die Skema se kliniese risiko doeltreffend bestuur en geïmplementeer word, met inagneming van die groeiende kompleksiteit van kliniese risiko’s en die voortuitgang en koste van gesondheidsorgtegnologie, terwyl verseker word dat die belegging in bestuurde sorg behoorlik bestuur en die nodige ingrypings betyds ingestel word. Die Komitee bestaan uit vier lede van die Raad van Trustees en een onafhanklike lid met kundigheid in die bestuur van kliniese risiko’s in die medieseskema-omgewing.

Die Komitee het by drie geleenthede gedurende die jaar vergader:

3 April 2025
7 Augustus 2025
6 November 2025

Die vergaderings is deur die Komiteelede soos volg bygewoon:

3 April 2025: JC Kloppe, PJ Louw, JM Ferreira, P Vorster en TN van der Westhuizen.
7 Augustus 2025: JC Kloppe, PJ Louw, JM Ferreira, P Vorster en CP Mulder.
6 November 2025: JC Kloppe, PJ Louw, JM Ferreira, P Vorster en CP Mulder.

Teen jaareinde het die Komitee uit die volgende lede bestaan:

- Adv JM Ferreira (voorsitter);
- Mnr JC Kloppe;
- Adv PJ Louw;
- Mnr CP Mulder; en
- Mnr P Vorster (onafhanklike lid).

Die onafhanklike lid, mnr P Vorster, het die volgende kwalifikasies: BEng Bedryfsingieurswese en BCom Finansiële Bestuur.

15. Vergaderings van die Raad van Trustees en komitees: bywoning en vergoeding

Die volgende skedule is ’n uiteensetting van die bywoning van vergaderings van die Raad van Trustees en komitees van die Raad van Trustees deur lede van die komitees van die Raad van Trustees. Trusteevergoeding word in nota 26 tot die Finansiële State uiteengesit.

	Raad van Trustees	Oudit- en risikokomitee	Beleggingskomitee	Reël-en produk-komitee	IKT-komitee en Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee	Klinieserisiko-komitee	Menshulpbronne-komitee
Getal vergaderings vir die jaar	6	3	4	4	3*	3	3
Trustee/Komiteelid							
Trustees							
JM Ferreira	6			4	3	3	3
JC Kloppe	6			4	3	3	
PJ Louw	6		4	3	3	3	
TN van der Westhuizen	6	3	4	4	2	1	
PM van Deventer (termyn geëindig 26 Junie 2025)	2	2	2	2			2
MJ Visser**	6	1	4	3	1		3
CP Mulder (aangestel 26 Junie 2025)	4		2	2		2	1
Onafhanklike lede							
JE Carstens		3					
GJ Kapp		3					
PS Lutchman					3		
P Naidoo					3		
JP Nieuwenhuis		3					
JP van Zittert							3
P Vorster					3		
R Wolmarans							3

* Die IKT-komitee is ’n subkomitee van die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee, en vergaderings is gelyktydig gehou.
** MJ Visser is nuut tot die Oudit-en-risikokomitee in 2025 aangestel en het die laaste vergadering van die jaar in Augustus 2025 bygewoon.



16. Nienakoming van die Wet op Mediese Skemas, 1998

16.1. Beperking op beleggings in ongenoteerde aandele

Ingevolge regulasie 30(1) en Bylae B van die Wet op Mediese Skemas, 1998 is die maksimum persentasie van die totale billike waarde van laste vir beleggings in ongenoteerde aandele 2,5%. Weens die toename in die billike waarde van Curamed Beherend (Edms) Bpk oorskry die Skema hierdie beperking, maar die koste van die belegging val steeds binne die 2,5%-beperking. Die Raad van Trusteas het die Curamed-aandelebelegging as 'n langtermynstrategiebate geklassifiseer wat nie oor die kort termyn verkoop sal word nie. Die Skema het vrystelling ontvang ingevolge regulasie 30(8) tot 31 Desember 2026.

16.2. Beperking op beleggings in onroerende eiendom

Ingevolge Bylae B, Kategorie 3(a) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 is die maksimum persentasie van die totale billike waarde van laste vir beleggings in onroerende eiendom 2,5%. Die billike waarde van die Skema se kantore (eiendom wat besit word) oorskry hierdie beperking, maar dit val steeds binne die totale eiendoms kategoriebeperking van 10% soos in Bylae B bepaal word. Die Skema het vrystelling verkry ingevolge regulasie 8(h) tot 31 Desember 2026.

16.3. Ledegeldinkomste nie ontvang binne drie dae nadat dit verskuldig is nie

Ingevolge artikel 26(7) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 moet alle ledegeld of bydraes direk aan 'n mediese skema betaal word nie later nie as drie dae nadat dit verskuldig word. In hierdie verband bepaal reël 18(10) van die Reëls van Medihelp dat die Raad van Trusteas alle redelike stappe moet neem om te verseker dat ledegeld betyds aan die Skema betaal word ingevolge die Wet en die Reëls. Om uitvoering aan hierdie bepaling te gee, bepaal reël 11(6) die wyse waarop agterstallige ledegeld hanteer moet word. Wat die toepassing van artikel 26(7) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 betref, is dit egter belangrik om daarop te let dat Medihelp geen beheer oor die tydigte betaling van ledegeld aan die Skema het nie. Die aangeleentheid is met die RMS bespreek en die Skema het skriftelike bevestiging ontvang dat die lid of werkgewer wetlik daarvoor aanspreeklik is om die ledegeld binne die voorgeskrewe tydperk te betaal.

16.4. Beleggings in administrateurs en werkgewergroepe

Ingevolge artikel 35(8)(c) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 mag 'n mediese skema nie enige van sy bates in die sake van enige administrateur belê of lenings aan enige administrateur toestaan nie. Die Skema het 'n belegging in Momentum Metropolitan Beherend Beperk gehou deur sy belegging in 'n

gekoppelde versekeringspolis. Die Skema het vrystelling ontvang ingevolge artikel 35(8)(c), wat geldig is tot 31 Desember 2028. Artikel 35(8)(a) bepaal dat 'n mediese skema nie enige van sy bates mag belê in die sake van of lenings mag toestaan aan enige werkgewer wat aan die mediese skema deelneem nie. Die Skema het beleggings in verskeie werkgewergroepe gehou deur sy beleggings in gekoppelde versekeringspolis-portefeuljes en 'n kollektiewe beleggingskema. Die Skema het vrystelling ontvang ingevolge artikel 35(8)(a), wat geldig is tot 31 Desember 2028.

16.5. Finansiële gesondheid van versekeringskontrakte


Elke versekeringskontrak moet selfonderhoudend wees wat lidmaatskap en finansiële prestasie betref en dit moet finansiële gesond wees. Die MedElite-, MedElect- en MedSaver-versekeringskontrakte het 'n negatiewe versekeringsdiensresultaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2025 behaal. Elkeen van hierdie opsies word deurlopend gemonitor en geëvalueer, en spesifieke strategieë word deurlopend geïmplementeer op grond van die geïdentifiseerde risiko's, eispatrone, toestande en prosedures. Ingrypingstrategieë sluit onder meer in: bestuurdesorgintervensies, die bestuur van hospitaalteropnames, die monitering van hoërisikolede en voordeelaanpassings.

16.6. Eise nie binne dertig dae ná datum van ontvangs betaal nie

Ingevolge artikel 59(2) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 moet 'n mediese skema, in die geval waar 'n rekening gelewer is, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet en die reëls van die betrokke mediese skema, enige voordeel verskuldig aan 'n lid of diensverskaffer betaal binne 30 dae nadat die eis ten opsigte van sodanige voordeel deur die skema ontvang is. Gedurende die boekjaar het die Skema nie ten volle aan hierdie vereiste voldoen nie, aangesien sekere eise ná die voorgeskrewe 30-dae-tydperk betaal is weens 'n geïsoleerde lêer invoerfout. Gegewe die volume eise wat deur die Skema hanteer word, word die lae aantal uitsonderings nie as wesenlik beskou nie. Die Skema het verdere streng beheermaatreëls ingestel om die voorkoms van hierdie gevalle te beperk.

17. Latere gebeure

Die Raad van Trusteas is nie bewus van enige gebeure ná die oorsigtydperk wat openbaarmaking in die Finansiële State vereis nie.



JC Kloppe
Voorsitter



MJ Visser
Ondervoorsitter



Verantwoordelikhedsverklaring van die Raad van Trustees



Die trustees dra die finale verantwoordelikheid vir die opstel, integriteit en billike aanbieding van die Skema se Finansiële State en om toe te sien dat behoorlike interne beheermaatreëls deur en namens die Skema toegepas word. Die Finansiële State wat op bladsye 20 tot 67 aangebied word, is opgestel ingevolge Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), soos uitgereik deur die Internasionale Raad op Rekeningkundige Standaarde (IASB) en die Internasionale Finansiële Verslagdoeningskomitee (IFRIC) se Interpretasies wat van toepassing is op skemas wat ingevolge IFRS verslag doen. Die Finansiële State is ook opgestel ingevolge die Wet op Mediese Skemas, 1998, soos gewysig, wat bykomende openbaarmaking deur geregistreerde mediese skemas vereis.

Die trustees is van mening dat hulle in die voorbereiding van die Finansiële State die toepaslikste rekeningkundige beleide gebruik het wat konsekwent toegepas is en deur redelike menings en beramings ondersteun word, en dat alle IFRS-vereistes wat na hulle mening toepaslik is, nagekom is.

Die trustees is tevrede dat die inligting in hierdie Finansiële State 'n billike aanbieding is van die Skema se finansiële posisie soos op 31 Desember 2025, asook van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar geëindig op daardie datum. Die trustees het ook die ander inligting voorberei wat in die jaarverslag vervat is en is verantwoordelik vir die akkuraatheid daarvan en dat dit met die Finansiële State ooreenstem.

Die trustees dra ook finale verantwoordelikheid daarvoor om toe te sien dat rekeningkundige rekords gehou word. Hierdie rekords moet die Skema se finansiële posisie met redelike akkuraatheid weergee. Die Skema het in 'n gevestigde, gekontroleerde omgewing gefunksioneer wat deeglik gedokumenteerd en gereeld hersien is.

Die trustees van die Skema is verantwoordelik vir die toesig oor die beheer en sekuriteit van die webwerf, en waar van toepassing, vir die vestiging en bestuur van die proses om jaarverslae en ander finansiële inligting elektronies aan lede en aan die Raad op Mediese Skemas te versprei.

Die Finansiële State is volgens die lopendesaaigrondslag opgestel. Op grond van vooruitskattings en beskikbare kontantbronne het die trustees geen rede om te glo dat die Skema nie in die afsienbare toekoms as 'n lopende saak bedryf sal word nie.

Die Skema se eksterne ouditeure, Deloitte and Touche, het die Finansiële State geoudit en is verantwoordelik vir die verslagdoening oor die billike aanbieding daarvan. Die Skema se ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitend die notules van alle vergaderings van lede, die trustees en die komitees van die Raad. Die trustees glo dat al die verklarings wat tydens die audit aan die eksterne ouditeure gemaak is akkuraat en toepaslik was. Die auditverslag verskyn op bladsye 14 tot 19 van die Finansiële State.

Die Finansiële State is op 23 April 2026 deur die Raad van Trustees goedgekeur en namens die Raad onderteken deur:

JC Kloppe
Voorsitter

MJ Visser
Ondervoorsitter

V Vala
Hoofbeampte



Verklaring oor korporatiewe bestuur deur die Raad van Trustees



Die Raad van Trustees is verbind tot die beginsels en toepassing van billikheid, openlikheid, integriteit en aanspreeklikheid in alle transaksies met sy belangegroepe. Die Handves van die Medihelp Raad van Trustees, wat vereis dat elke trustee 'n Onderneming ingevolge die Medihelp-gedragkode moet onderteken, is nagekom. Die trustees is ook verbind tot die beginsels van die Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag soos in die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ vir Suid-Afrika 2016 uiteengesit.



Raad van Trustees

Die trustees vergader gereeld en monitor die Skema se prestasie. Hulle gee aan verskeie sleutelkwessies aandag en verseker dat besprekings oor beleid, strategie en prestasie op 'n kritiese, ingeligte en konstruktiewe wyse plaasvind.

Die Raad van Trustees bestaan uit ses lede wat by die algemene jaarvergadering deur lede van die Skema verkies word. Trustees word vir 'n tydperk van vyf jaar verkies en aangestel en mag herverkies word, op voorwaarde dat geen trustee meer as twee opeenvolgende termyne en meer as altesaam drie termyne mag dien nie.

Alle trustees het toegang tot die advies en dienste van die Hoofbeampte en mag, waar gepas, onafhanklike professionele advies op die Skema se onkoste bekom om hulle in hul pligte te ondersteun. Ingevolge die Handves van die Raad van Trustees moet trustees verseker dat 'n jaarlikse prestasie-evaluering voltooi word om enige opleidingsbehoefte by trustees te identifiseer. Die Handves van die Raad van Trustees bepaal ook dat die prestasie van alle komitees jaarliks geëvalueer moet word om die geloofwaardigheid van die komitees te verseker.

Die Raad van Trustees sien toe dat die prestasie van diensverskaffers ooreenkomstig die toepaslike diensvlak-ooreenkomste gemonitor word.

Interne beheer en risikobeheer

Die Raad van Trustees vestig en bestuur handmatige en geoutomatiseerde interne kontroles en stelsels. Hoewel hierdie kontroles en stelsels nie volkome versekering bied nie, is hulle ontwerp om redelike versekering te gee van die integriteit en betroubaarheid van die Finansiële State en om die Skema se bates te beskerm deur sy

gecombineerde gerusstellingsmodel. Die Skema se interne kontroles is op vaste beleide en prosedures gebaseer en word met die gepaste skeiding van pligte deur opgeleide personeel uitgevoer.

Die bestuursstrukture binne die Skema – bestaande uit, onder andere, die Oudit-en-risikokomitee, die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee, en die IT-stuurkomitee – dra by tot die bereiking van die Skema se strategiese doelwitte. Die onderskeie Komiteehandveste, toepaslike raamwerke en beleide is belyn met die King IV™-beginsels en internasionale beste praktyke en standaarde.

Die Raad van Trustees dra finale verantwoordelijkheid vir die Skema se risikobestuur en pas 'n formele risiko-ontledingsproses toe. Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee hou toesig oor en hou bestuur aanspreeklik vir die implementering van doeltreffende risiko- en voldoeningsbestuur, insluitend die oorweging van geleenthede en gepaardgaande risiko's wanneer strategie ontwikkel word. Die Bestuurs-, Risiko- en Voldoeningskomitee monitor ook die doeltreffendheid van die risiko-bestuur en maak aanbevelings aan die Raad van Trustees.

Die Raad van Trustees is nie bewus van enige gebeurtenis of saak wat dui op 'n wesenlike faling van die belangrikste interne kontroles en stelsels wat gedurende die oorsigjaar in werking was nie.

JC Kloppe
Voorsitter

MJ Visser
Ondervoorsitter

V Vala
Hoofbeampte



Staat van die finansiële posisie
soos op 31 Desember 2025

Bates	Nota	2025	2024
		R	R
Niebedryfsbates		1 325 533 235	1 089 682 067
Ontasbare bates	5	9 941 707	9 683 382
Eiendom, aanleg en toerusting	4	97 632 206	99 646 302
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	6	364 107 657	334 945 717
Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies (BWWV)	6	853 851 665	645 406 666
Bedryfsbates		1 437 498 929	1 300 736 764
Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies (BWWV)	6	672 489 659	718 071 928
Finansiële bates teen geamortiseerde koste	7	30 842 486	28 194 462
Kontant en kontantekwivalente	8	734 166 784	554 470 374
Totale bates		2 763 032 164	2 390 418 831

Fondse en laste	Nota	2025	2024
		R	R
		346 655 507	317 493 566
Beleggings teen billike waarde deur billikewaardereserwe van ander omvattende inkomste		346 655 507	317 493 566
Niebedryfslaste		1 827 427 919	1 543 705 652
Aftreevoordeleverpligtinge	11	14 280 279	12 907 156
Aanspreeklikheid teenoor lede vir toekomstige voordele	9	1 813 147 640	1 530 798 496
Bedryfslaste		588 948 738	529 219 613
Versekeringskontrakverpligtinge	9	574 196 484	478 141 026
Handels- en ander krediteure	12	8 019 520	43 795 196
Herversekeringskontrakverpligting	10	5 582 013	6 061 547
Aftreevoordeleverpligtinge	11	1 150 721	1 221 844
Totale fondse en laste		2 763 032 164	2 390 418 831

Staat van wins en verlies en ander
omvattende inkomste vir die jaar
geëindig 31 Desember 2025

	Nota	2025	2024
		R	R
Versekeringsinkomste	13	5 823 429 114	5 684 406 082
Versekeringsdiensuitgawes*	13	(5 695 024 522)	(5 740 770 026)
Netto inkomste uit risiko-oordragooreenkomste / herversekeringskontrakte gehou		39 840 116	45 203 067
Risiko-oordragooreenkomspremies betaal	13.3	(173 792 637)	(181 584 154)
Verhalings onder risiko-oordragooreenkomste	13.3	213 632 753	226 787 221
Versekeringsdiensresultaat		168 244 708	(11 160 877)
Ander inkomste		313 260 778	231 767 918
Beleggingsinkomste	17	166 318 461	168 231 005
Netto ander winste	16	140 277 241	58 392 906
Diverse inkomste	18	6 665 076	5 144 007
Ander uitgawes		(199 156 342)	(189 892 102)
Ander administratiewe uitgawes	15	(178 187 439)	(170 478 721)
Batebestuursfooie		(3 489 586)	(3 101 169)
Finansieringskoste		(17 479 317)	(16 312 212)
Surplus voor bedrae toedeelbaar aan lede vir toekomstige voordele		282 349 144	30 714 939
Oordrag na die aanspreeklikheid teenoor lede vir toekomstige voordele*	9.3	(282 349 144)	(30 714 939)
Surplus vir die jaar		-	-
Ander omvattende inkomste		29 161 941	1 666 397
Items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie Veranderings in die billike waarde van ekwiteitsbeleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (BWAOI)		29 161 941	1 666 397
Totale omvattende inkomste vir die jaar		29 161 941	1 666 397

* Omsendbrief 6 van 2025, uitgereik deur die RMS, vereis dat mediese skemas bedrae toedeelbaar aan lede vir toekomstige voordele apart van die versekeringsdiensuitgawe en die versekeringsdiensresultaat voorlê.

Versekeringsdiensuitgawe sluit ingevolge IFRS 17 die oordrag na die aanspreeklikheid teenoor lede vir toekomstige voordele in. Die totale waarde van versekeringsdiensuitgawes beloop dus R5 977 373 666 (2024: R5 771 484 965).

Ingesluit in versekeringsdiensuitgawes is toepaslike gesondheidsorgbesteding van R5 311 951 554 (2024: R5 348 986 752), wat bestaan uit netto eise aangegaan en geakkrediteerde bestuurde gesondheidsorgdienste (geen risiko-oordrag nie).

Staat van verandering in reserwes vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

	Beleggings teen billike waarde deur billikewaardereserwe van ander omvattende inkomste	Totaal
	R	R
Saldo soos op 1 Januarie 2024	315 827 169	315 827 169
Totale omvattende inkomste vir die jaar	1 666 397	1 666 397
Saldo soos op 31 Desember 2024	317 493 566	317 493 566
Saldo soos op 1 Januarie 2025	317 493 566	317 493 566
Totale omvattende inkomste vir die jaar	29 161 941	29 161 941
Saldo soos op 31 Desember 2025	346 655 507	346 655 507

Kontantvloeiistaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2025

	Nota	2025	2024
		R	R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant ontvang van lede en verskaffers		6 453 999 206	6 399 042 777
Kontant ontvang van lede – ledegeld		6 447 780 693	6 395 563 453
Kontant ontvang van lede en verskaffers – ander		6 218 513	3 479 324
Kontant betaal aan verskaffers, werknemers en lede		(6 399 311 629)	(6 408 840 533)
Kontant betaal aan verskaffers en lede – eise		(6 026 433 858)	(6 067 626 745)
Kontant betaal aan herversekeraars		(180 317 624)	(182 341 098)
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers – niegesondheidsorguitgawes		(181 451 591)	(148 252 295)
Kontant betaal aan lede – spaarplanterugbetalings		(11 108 556)	(10 620 395)
Kontant gegenereer / (aangewend) vir bedrywighede		54 687 577	(9 797 756)
Finansieringsuitgawes vir versekeringskontrakte uitgereik – persoonlike mediese spaarrekening		(17 479 317)	(16 312 212)
Netto kontant gegenereer uit / (aangewend vir) bedrywighede		37 208 260	(26 109 968)

	Nota	2025	2024
		R	R
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	4	(10 761 933)	(7 852 939)
Byvoegings tot finansiële bates		(839 745 695)	(461 393 156)
Programmeringskoste gekapitaliseer deur ontasbare bates	5	(2 208 000)	(328 442)
Opbrengste uit verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		315 780	1 140 437
Opbrengste uit realisasie van finansiële bates		890 269 138	527 996 764
Rente ontvang	17	62 502 816	66 963 731
Dividende ontvang	17	42 116 044	38 279 335
Netto kontant gegenereer deur beleggingsaktiwiteite		142 488 150	164 805 730
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente		179 696 410	138 695 762
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		554 470 374	415 774 612
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	8	734 166 784	554 470 374

Trusteevergoeding

2025	Vergoeding vir bywoon van Raadsvergaderings	Vergoeding vir bywoon van komitee-vergaderings	Ander vergoeding	Telefoon-toelaag	Totale vergoeding	Reis-en-verblyfuitgawes	Totale vergoeding
	R	R	R	R	R	R	R
JM Ferreira	192 838	353 184	15 880	3 336	565 238	-	565 238
JC Kloppe	507 472	252 918	-	3 336	763 726	-	763 726
PJ Louw	192 838	354 412	-	3 336	550 586	-	550 586
CP Mulder	130 632	197 669	-	1 668	329 969	-	329 969
TN van der Westhuizen	192 838	376 347	-	3 336	572 521	-	572 521
PM van Deventer	62 206	194 803	-	1 668	258 677	-	258 677
MJ Visser	350 158	332 148	18 323	3 336	703 965	-	703 965
	1 628 982	2 061 481	34 203	20 016	3 744 682	-	3 744 682
2024	Vergoeding vir bywoon van Raadsvergaderings	Vergoeding vir bywoon van komitee-vergaderings	Ander vergoeding	Telefoon-toelaag	Totale vergoeding	Reis-en-verblyfuitgawes	Totale vergoeding
	R	R	R	R	R	R	R
JM Ferreira	183 930	312 495	20 640	3 180	520 245	-	520 245
JC Kloppe	484 026	216 751	-	3 180	703 957	-	703 957
PJ Louw	183 930	337 050	13 659	3 180	537 819	-	537 819
TN van der Westhuizen	183 930	326 450	2 327	3 180	515 887	-	515 887
PM van Deventer	183 930	302 249	15 986	3 180	505 345	-	505 345
MJ Visser	333 980	312 141	15 126	3 180	664 427	-	664 427
	1 553 726	1 807 136	67 738	19 080	3 447 680	-	3 447 680

Sorg deur die geslagte

Voor geboorte:

Ondersteuning vóór dag een

- 345 nuwe verwagterende gesinne ondersteun deur ons Ouerskapreis
- 3 535 ultraklanskanderings

"Met my Medihelp-plan ervaar ek seepgladde, doeltreffende en effektiewe administrasie. My reis na moederskap was soveel lekkerder!" – Lid*



Babas (0 tot 1 jaar):

'n Gesonde begin

- 1 611 babas het in 2025 by die Medihelp-familie aangesluit
- 2 189 standaardbaba-inentings
- 8 043 gevalle van respiratoriese noodsiindroom by pasgeborenes
- 4 610 gevalle van akute brongitis
- 269 opnames in neonatale intensiewesorgeenhede (NICU)

"Oor die jare het ek die geboortes van twee babas met kritieke siektes beleef wat NICU-sorg benodig het, twee jaar uitmekaar. Tragies het ek ook een van my babas ná 'n groot operasie verloor. Deur elkeen van hierdie diep emosionele en uitdagende ervarings was Medihelp daar – nie net finansiële nie, maar ook met werklike ondersteuning wat 'n wêreld se verskil maak het." – Lid*



Kleuters en kinders (1 tot 12 jaar): 'n Sterk grondslag

- 2 948 kinderinentings
- 710 mangelverwyderings
- 5 627 besoeke aan pediater
- 9 890 akute boonstelugweginfeksies
- 6 779 tandartsbesoeke

Parent Sense:

- 72% benutting onder lede met babas en kleuters
- 67% gemiddelde bywoningskoers vir webinare

"Ek gaan binnekort pa word en ek het geleer oor speen en hoe om myself vir die kleinding voor te berei. Dit was regtig nuttig, en ek het ook by ander ouers geleer." – Verwagterende pa*



Tieners (13 tot 18 jaar):

Stuur groei

- 99 menslikepapilloomvirus-entstowwe
- 493 geestesgesondheidskonsultasies
- 3 545 tandartsbesoeke
- 3 510 episodes van ernstige depressie

"Om 'n ma van drie seuns te wees, is 'n massiewe uitdaging. Van mekaar aansteek met geringe siektes tot erge brandwonde en 'n gebreekte duim, Medihelp het al die mediese kostes sonder huiwer gedek. Ek weet nie hoe ek die hooligans sou gesond hou en fix sonder Medihelp nie." – Lid*



Jong volwassenes (19 tot 29 jaar): *Onafhanklikheid met 'n veiligheidsnet*

- **2 066** studente op **MedMove!**
- **959** geestesgesondheidskonsultasies vir depressie en/of angs
- **29 512** voorbehoedmiddel-eise ter waarde van **R4 265 249**
- **36 816** huisdokterbesoeke
- **9 397** tandartsbesoeke
- **6 186** episodes van ernstige depressie gedek

“Ek het sowat twee jaar gelede by Medihelp aangesluit op die studenteplan, en dit was baie bekostigbaar en maklik om te bestuur. Noudat ek 26 is, het ek na die basiese plan geskuif en voel steeds goed versorg.”

– Lid*



Volwassenheid (30 tot 44 jaar): *Vennootskap op jou hoogtepunt*

- **2 433** Papsmere
- **1 527** dieetkundige konsultasies
- **24 525** tandartsbesoeke
- **11 670** episodes van ernstige depressie gedek
- Vir lede wat proaktief na hul gesondheid omsien, het ons uitgebreidesorgvoordeel die volgende gedek:
 - o **1 639** bykomende huisdokterbesoeke
 - o **R116 015** vir oor-die-toonbank-medisyn

“Ek is sedert 2014 'n trotse lid van hierdie mediese fonds, en my ervaring oor die jare was deurgaans uitstekend. Wat die meeste uitstaan, is die klientediens. Elke keer as ek bel, is die personeel vriendelik, behulpsaam en professioneel. Dit stel my gerus om te weet ek is deel van 'n skema wat werklik omgee vir sy lede.” – Lid*



Middeljare (45 tot 59 jaar): *Proaktiewe gesondheidsbestuur*

- **21** hartomleidingsoperasies
- **2 561** voorkomendesorg-mammogramme
- **4 986** voorkomendesorg-prostaattoetse
- **1 529** hoërisikolede op ons Siektebestuursprogram
- **33 243** lede behandel vir primêre hipertensie

“Ek is al meer as 13 jaar by Medihelp en het nog nooit enige probleme gehad nie! Hulle het my deur siektes en chroniese uitdagings ondersteun en al ons eise rakende my oorlede man se siekte betaal. Om nuwe familieledede by te voeg, was maklik, en ek is dankbaar vir die uitstekende klientediens!” – Lid*



Goue jare (60 tot 79 jaar): *Gespesialiseerde sorg*

- **3 217** prosteses
- **70 263** lede behandel vir primêre hipertensie
- **26 281** lede behandel vir en ondersteun deur borskanker
- **Deelname aan die Hospitaalinasorgprogram:**
 - o 25% vermindering in voorkombare hospitaalheropnames

“Suster Mickey Batteson het my ná my tweede operasie gekontak. Sy het my gevra oor my pyn en die medisyne wat ek gebruik en waardevolle raad gegee om 'n vinnige herstel te verseker. Ek was verras toe sy my 'n week later weer kontak om te hoor hoe dit gaan. Ek kan nie beskryf hoeveel dit vir my beteken het nie. Medihelp gee werklik om. Jy is nie net 'n lidnommer nie – jy word raakgesien.” – Lid in die Hospitaalinasorgprogram*



80+ jaar:*Langlewendheid en waardigheid*

- Hoogste eis betaal: **R3 584 580**
- Ons oudste lid: **105 jaar jonk**

"My ouma was haar hele lewe lank 'n Medihelp-lid. Sy het nooit oor Medihelp gekla nie, en hulle het haar nooit teleurgestel nie. Toe ek oud genoeg was om my eie mediese fonds te kry, het ek sonder huiwer met Medihelp kontak gemaak. Ek het nie eers na ander opsies gekyk nie. Ek is so dankbaar vir Medihelp. Die diens is ongelooflik, en ek het nog nooit enige probleme gehad nie." – Lid*



*Name is weerhou om die identiteit van die individu te beskerm.





medihelp



medihelp.co.za

Gemagtigde FSP 15738